Die Eerste Seël

Kom ons buig ons hoofde nou vir gebed. Ons Hemelse Vader, ons dank U vanaand hiervoor, nog 'n geleentheid om U te kom aanbid. Ons is dankbaar om te lewe en om hierdie groot openbaring te hê, van Ewige Lewe wat in ons woon. En ons het vanaand gekom, Vader, om U Woord saam te bestudeer, hierdie groot verborgenhede wat verborge is sedert die grondlegging van die wêreld. En die Lam is die enigste Een wat Dit aan ons kan openbaar. Ek bid dat Hy onder ons sal kom, vanaand, en van Sy Woord sal neem en Dit aan ons openbaar, sodat ons kan weet hoe om beter diensknegte vir Hom te wees, in hierdie endtyd. O God, waar ons sien dat ons nou in die endtyd is, help ons om ons plek te ken, Here, en ons tenger wese, en die sekerheid van die Koms van die Here, binnekort. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

2 Ek dink dit was Dawid, wat gesê het: "Ek was bly toe hulle vir my gesê het, laat ons na die huis van die Here gaan." Dis altyd 'n groot voorreg om te kom. En—en die bestudering van die Woord, saam, gee vir ons hierdie groot hoop.

3 Nou daar's baie wat staan, en ek gaan net so gou as moontlik maak. Maar ek vertrou dat julle die Teenwoordigheid van die Heilige Gees geniet het, soos ek het, by hierdie laaste paar geleenthede. [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

4 En, vandag, het iets gebeur wat ek lank laas gehad het. Ek het dit bestudeer, hierdie openbaring hier, oor die oopmaak van die Seël.

5 Jare gelede het ek hier Daardeur gegaan, omtrent so twintig jaar gelede, skat ek, of so-iets, maar op een of ander manier was ek net nooit heeltemal tevrede nie. Dit het gelyk of daar 'n paar dinge is, veral in hierdie Seëls, want daardie Seëls is die hele Boek. Sien? Dis die Boek. Die hele Boek is een Boek, verseël. Dit begin . . .

6 Byvoorbeeld, as ek iets hier gehad het, sou ek julle gewys het wat ek bedoel. [Broer Branham illustreer die oprol en verseëling van 'n boekrol, deur velle papier te gebruik—Red.] *Hier* is een seël. Dis een, en jy rol dit *so* op, soos dit gerol was. En jy rol dit so op. En, by die einde, is daar 'n klein stukkie wat uitsteek, soos *dit*. Dis die eerste seël. Nou goed, dan, dis die eerste deel van die boek. Dan, is die volgende seël *so* opgerol, reg aan die kant daarvan. En dit word so opgerol, soos *hier*. En dan, aan die einde, net *hier*, steek daar nog een uit. Beteken, twee seëls.

7 En dis hoe die hele Bybel geskryf is, in boekrolle. [Broer Branham rol die velle papier af wat hy vir illustrasie gebruik het—Red.] En, so, die . . . om hierdie Seëls te breek, maak dit die verborgenhede van die Boek oop.

8 Het julle dit toe nageslaan in Jeremía, hoe hy dit beskryf, baie van julle wat dit gisteraand neergeskryf het? Hoe daardie seëls geskryf is en weggesit is, vir bewaring, totdat hy teruggekeer het na sewentig jaar, van gevangenskap. Hy is teruggebring en het sy besitting opgeëis.

9 En ek hou baie daarvan om Dit te bestudeer. Jy kan nie . . . Daar is geen manier om Dit alles uit te druk nie, want Dis 'n Ewige Woord. En Dis 'n Ewige Boek, daarom moet ons net soort van die hoogtepunte aanraak. En vandag, met die studie, het ek baie Skrifte neergeskryf sodat julle Dit kan bestudeer. En ook . . . En die bande sal baie Daarvan openbaar, soos julle studeer. En daar is soveel dinge!

10 As ek net hier op die platvorm kon staan en Dit aan julle openbaar, soos Dit vir my in die kamer geopenbaar word, goeiste, sou dit wonderlik wees. Maar, wanneer mens hier kom, word jy gedruk, en jy spring net soort van bo-oor die dinge, en probeer om net die hoofdeel by die mense tuis te bring, sodat hulle Dit kan sien.

11 Ek waardeer beslis daardie lied wat Broer Ungren pas gesing het; *Bo Uit Sy Glorie*. As Hy nie vanuit Sy Glorie gekom het nie, waar sou ons almal vanaand gewees het? So ons is dankbaar dat Hy neergedaal het om ons te help.

12 Nou, met baie wat staan, sal ons net gou maak hierdeur, so—so goed as wat ons kan. Ek sê nie ons sal regdeur jaag nie, maar ek bedoel ons gaan so gou as moontlik begin. En nou kom ons blaai, nou, na die . . .

13 Ons het die 1ste hoofstuk, 2de, 3de, en 4de gehad. En 5de, gisteraand. En vanaand begin ons met die 6de hoofstuk van Openbaring.

14 Nou, soos ons hierdie hoofstuk bestudeer, verwys ons na verskillende plekke, selfs na Ou en Nuwe Testament, eweneens, want die hele Boek is die openbaring van Jesus Christus. Sien? Dis gesamentlik die openbaring van—van die Here Jesus, die openbaring van Jesus Christus. Dis God, wat Homself in die Boek openbaar; wat Homself, deur Christus, in die Boek openbaar. En Christus is die openbaring van God. Hy het gekom om God te openbaar, want Hy en God was dieselfde. "God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen." Met ander woorde, jy sou nooit geweet het net wat God was, totdat Hy Homself deur Christus geopenbaar het nie; dan kan jy sien.

15 Ek het altyd, jare gelede, gedink dat God miskien vir my kwaad is, maar Christus het my lief. Het uitgevind, dis dieselfde Persoon, sien. En Christus is die einste hart van God.

16 En nou soos ons dit bestudeer, vergelyk ons dit nou. Die eerste drie boeke van die Bybel, van Openbaring, wat ons baie deeglik gefynkam het, is die kerkeeue, die—die sewe kerkeeue.

Nou daar is sewe kerkeeue, Sewe Seëls, Sewe Basuine, en Skale, en—en onrein geeste soos paddas, en dit alles gaan saam.

17 Goeiste, hoe sou ek daarvan gehou het om 'n—'n groot kaart te hê, en dit alles daaroor te teken, soos ek dit sien, julle weet, net hoe elkeen sy plek inneem. Ek het dit op 'n velletjie papier uitgeteken, maar ek . . . Julle ken dit. En alles, tot dusver, het presies reg getref. En met die tyd en die eeue, soos hulle gekom en gegaan het, en alles het net presies reg ingepas. So, dit mag dalk nie heeltemal reg wees nie, maar dis in elk geval die beste wat ek daarvan weet. En ek weet, as—as ek my bes probeer, en ek maak 'n fout terwyl ek my bes probeer, en die beste waarvan ek weet, dat God my sekerlik sal vergewe vir die doen . . . vir die fout as ek verkeerd gedoen het.

18 Maar, nou, daardie eerste drie boeke is die eerste, Sewe Kerkeeue. En dan vind ons, in die 4de hoofstuk van Openbaring, word Johannes weggevoer. Sien? Ons sien die kerke. Daar word nie te veel oor die kerkeeue gesê nie. Dit is daar waar ek dink dat mense so verbaas gaan wees. Hulle—hulle—hulle pas die Kerk toe tot daar in die Verdrukking, op daardie dinge wat moet gebeur. En soos ek Sondag, gister, gesê het: voor jy weet waar jy is, sal daardie verdrukkings uitbreek, en sal jy wonder waarom was nie die . . . Wat eerste moes kom, was die Wegraping. En dit sal wees soos dit was: dis verby en jy het dit nie geweet nie. Sien?

19 Nou, daar word nie te veel vir daardie Kerk, daardie Heidense Kerk, die Bruid, belowe nie. Nou, ek wil hê julle moet in gedagte hou, daar is 'n kerk en 'n Bruid. Sien?

20 Jy moet dit altyd in drieë laat loop; viers is verkeerd. Drieë! Drieë, sewes, tiene, twaalfs, en vier-en-twintigs, en veertigs, vyftigs, daardie ongebroke getalle. Die Bybel is . . . en God laat Sy Boodskappe loop in—in get- . . . die getalle van die Bybel, in daardie getalle. En as jy iets kry wat wegvlieg van een van daardie getalle, moet jy liewer dophou. Dit sal nie reg uitkom, by die volgende ding nie. Moet dit terugbring hiernatoe waarvanaf jy begin het.

21 Broer Vayle, Broer Lee Vayle, hy—hy . . . Ek dink hy's hier. Ons het nou die dag gepraat oor mense wat die spoor byster raak. Dis net soos skyfskiet. As daardie geweer perfek gebalanseer, perfek aangelê en gerig is, moet dit die teiken tref; tensy daardie loop beweeg, of buig, of vibrasie dit uitgooi, en waar ook al . . . of 'n windvlaag. Waar dit ook al afwyk, is daar is net een ding te doen, kom terug na waar dit die spoor verlaat het, en begin weer, as dit die teiken gaan tref. As dit nie gebeur nie, wel, dit tref net nie die teiken nie.

22 En ek glo dis hoe dit is as jy die Skrifte bestudeer. As ons uitvind ons begin iets hier, en dit kom nie reg uit nie, jy sien dit is nie, ja, ons het êrens 'n fout gemaak, moet jy terugkom. Jy sal Dit nooit met jou verstand ontsyfer nie. Dit is net nie . . .

23 Ons het pas uitgevind, deur die Skrifte, dat daar niemand in die Hemel, of op die aarde, of onder die aarde is, of ooit was, of ooit sal wees, wat dit kan doen nie. Nét die Lam kan dit doen. So, kweekskool-uitlatings, wat dit ook al mag wees, is net niks. Sien? Dit verg die Lam om Dit te openbaar, dis al, so ons vertrou dat Hy ons sal help.

24 Johannes, weggevoer, in die 4de hoofstuk, om dinge te sien "wat was, wat is, en wat sal kom." Maar die Kerk eindig by die 4de hoofstuk. En Christus neem die Kerk op, opgevang in die lug, om Hom te ontmoet, en verskyn nie weer voor die 19de hoofstuk nie, wanneer Hy terugkom met . . . as Koning van die koning en Here van die here, saam met die Kerk. En nou, o, ek hoop dat ons eendag dit alles kan deurgaan, miskien voor Hy kom. As ons nie kan nie, sal ons dit in elk geval sien, so dit maak nie saak nie.

25 Nou, in hierdie 5de hoofstuk, die breek van hierdie Seëls, en nou die sewe-verseëlde Boek. Eers wil ons die Eerste Seël lees.

26 Gisteraand, om net 'n bietjie meer agtergrond daaraan te gee, het ons uitgevind, dat, toe Johannes gekyk het en daardie Boek steeds in die hande van die oorspronklike Eienaar, God, gesien het. Onthou julle hoe Dit verlore geraak het? Deur Adam. Hy het die Boek van die Lewe verbeur, vir die kennis van Satan, en sy erfenis verloor, alles verloor; en geen manier van verlossing nie. Toe het God, gemaak in die gelykenis van 'n mens, neergedaal en 'n Verlosser geword vir ons, om ons los te koop.

27 En nou vind ons uit dat, in vergange dae, moet hierdie dinge wat verborge was, vir ons oopgemaak word in die laaste dae.

28 Nou vind ons ook uit, hierin, dat, toe Johannes hierdie aankondiging hoor, vir die—die Bloedverwante Losser om na vore te kom en Sy aansprake te maak, was daar niemand wat dit kon doen nie, niemand in die Hemel, niemand op die aarde, niemand onder die aarde nie. Niemand was waardig om selfs na die Boek te kyk nie. Dink net daaraan. Niemand, hoegenaamd, waardig om selfs Daarna te kyk nie.

29 En Johannes het sommer begin ween. Hy het geweet dat, o, daar dan geen kans op verlossing is nie. Alles was verlore.

30 En spoedig vind ons hy hou skielik op ween, want daar is aangekondig deur een van die vier Lewende Wesens, of die ouderlinge, liewer. Een van die—die ouderlinge het gesê: "Moenie ween nie, Johannes, want die Leeu wat uit die stam van Juda is, het oorwin," met ander woorde: "het oorkom, en het die oorhand gekry."

31 Johannes het omgedraai, hy het 'n Lam sien uitkom. Hy moes bebloed en gesny en gewond gewees het. Dit was geslag, die . . . het gesê, dat: "'n Lam wat geslag is." En, natuurlik, was dit nog bebloed; as jy die lam gesny het en—en dit doodgemaak het soos daardie Lam was, in elk geval. Dit is aan stukke gekap op 'n kruis, spiese in die sy, en spykers in die hande en voete, en dorings

oor die voorhoof. Hy was in 'n aaklige toestand. En hierdie Lam het na vore gekom en gegaan na Hom toe, wat op die Troon gesit het, wat die volledige titelakte van Verlossing gehou het. En die Lam gaan en neem die Boek uit die hand van Hom wat op die Troon sit, en dis geneem, en het die Seëls oopgemaak en die Boek oopgemaak.

32 En toe, toe dit gebeur het, het ons uitgevind daar moes 'n—'n groot ding in die Hemel plaasgevind het. Want, die ouderlinge, en die vier-en-twintig ouderlinge, en die Lewende Wesens, en—en alles in die Hemel, het begin roep: "Waardig!" En hier het die Engele gekom, en die Skale van die gebede van die heiliges uitgegiet. Die heiliges onder die altaar het uitgeroep: "Waardig is U, O Lam, want U het ons verlos, en nou het U ons konings en priesters gemaak, en ons sal op die aarde heers." O, goeiste! En dis so, toe Hy daardie Boek oopgemaak het.

33 Julle sien, die Boek is eintlik beplan en geskryf voor die grondlegging van die wêreld. Hierdie Boek, die Bybel, is in werklikheid geskryf voor die grondlegging van die wêreld. En Christus, synde die Lam, is geslag voor die grondlegging van die wêreld. En die—die lidmate van Sy Bruid, hulle name is geplaas in die Lam se Boek van die Lewe, voor die grondlegging van die wêreld. Maar, Dit was verseël, en nou word Dit geopenbaar; wie se name daarin was, alles Daaroor, en watter groot ding.

34 En Johannes, toe hy dit gesien het, het hy—hy gesê: "Alles in die Hemel, alles onder die aarde . . . " Alles het hom hoor sê: "Amen, seëninge, en eer!" Hy het regtig 'n wonderlike tyd gehad, en, want: "Die Lam was waardig."

35 En nou staan die Lam. Nou, vanaand, soos ons hierdie 6de hoofstuk binnegaan, het Hy die Boek in Sy hand, en begin Dit openbaar.

36 En, o, ek sou absoluut vandag . . . En ek hoop mense is geestelik. Ek sou 'n vreeslike fout Daaroor gemaak het, as dit nie was, omtrent twaalfuur vandag, toe die Heilige Gees die kamer ingekom en my reggehelp het oor iets wat ek neergeskryf het om te sê nie.

37 Ek het Dit uit 'n ou konteks gehaal. Ek het niks Daaroor gehad nie. Ek weet nie wat die Tweede Seël is nie, niks meer as enigiets nie. Maar ek het 'n ou konteks gekry met iets waaroor ek verskeie jare gelede gepraat het, en dit neergeskryf. En ek het hierdie konteks bekom, konteks van Dr. Smith, baie groot, uitstaande leraars van wie ek—ek dit bekom het. En hulle almal het dit geglo, so ek het dit neergeskryf. En ek het my klaargemaak om te sê: "Wel, ek sal Dit nou vanuit daardie standpunt bestudeer."

38 En daar, omtrent twaalfuur in die dag, het die Heilige Gees sommer net die kamer ingevaar, en die hele ding het net vir my oopgegaan, en daar was Dit, sien, so . . . van hierdie—van hierdie

Eerste Seël wat oopgemaak word. Ek is so seker as wat ek hier staan vanaand, dat dit die Evangeliese Waarheid is, wat ek hier gaan sê. Ek—ek weet net dit is.

39 Want, as 'n openbaring teenstrydig is met die Woord, dan is dit nie Openbaring nie. En, julle weet, daar is party van die goed wat so absoluut waar kan lyk, en tog nie waar is nie. Sien? Dit lyk of dit is, maar dit is nie.

40 Nou, ons vind nou, die Lam met die Boek. En nou lees ons in die 6de hoofstuk.

> *En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak,* en *ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van* 'n *donderslag, Kom kyk.*
>
> *En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd: en hy wat daarop sit het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee: en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar, en om te oorwin.*

41 Nou, dis die Eerste Seël, die een wat ons gaan probeer, deur die genade van God, om Dit vanaand te verduidelik. Deur die heel beste. . . En ek besef dat 'n mens, wat Dit probeer verduidelik, op gevaarlike grond loop, as jy nie weet wat jy doen nie. Sien? So as dit deur openbaring tot my kom, sal ek vir julle so sê. As ek dit net deur my eie verstand moet neem, dan sal ek—sal ek dit vir julle sê voor ek daaroor praat. Maar ek is net so seker, as wat ek vanaand hier staan, Dit het vandag vars na my toe gekom, van die Almagtige af. Ek is nie geneig om sommer sulke dinge te sê, wanneer dit by hierdie deel van die Skrif kom nie. Ek—ek is. . .

42 Ek hoop julle weet waarvan ek nou praat, julle sien. Nou, julle weet, en jy kan nie dinge sê. . . As iets veronderstel is om *hier* te lê voor dit gebeur, kan—kan jy dit nie sê voor iets dit daar neerlê nie. Sien? Lees julle? Luister julle na iets? Sien?

43 Nou, die Sewe-Seël, gerolde Boek word nou deur die Lam losgemaak. Ons nader daardie plek vanaand. God, help ons. Soos die Seëls gebreek word en losgemaak word, word die verborgenhede van die Boek geopenbaar.

44 Nou, sien julle, *Hierdie* is 'n verseëlde Boek. Nou, ons glo dit. Of hoe? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ons glo dat Dit 'n verseëlde Boek is. Nou, ons het dit nooit vantevore geweet nie, maar Dit is. Dis verseël met Sewe Seëls. Dit is, op die agterkant van die Boek, is die Boek verseël met Sewe Seëls.

45 As ons van *hierdie* soort boek gepraat het, sou dit wees soos om 'n band daaroor te sit, sewe bande. [Broer Branham wys 'n boek as 'n illustrasie—Red.] Maar dit is nie *hierdie* soort boek nie.

46 Dis 'n boekrol. En dan as die boekrol afgerol word, is dit een; dan lê nommer twee reg binne-in die boekrol. En net *hier* sê Dit wat Dit is, maar Dit is 'n verborgenheid. Maar, tog het ons Daarin gedelf; maar, onthou, die Boek is verseël. En die Boek is die Boek

van verborgenheid, van openbaring. Dit is die openbaring van Jesus Christus, sien, 'n Boek van openbarings. En nou weet julle, deur die eeue heen, het die mens gedelf en probeer om Daarin te kom. Ons almal het.

47 En, tog, eenkeer, onthou ek . . . As—as Mnr. Bohanon toevallig hier is, of—of sommige van sy mense, ek—ek bedoel dit nie as enige belediging nie. Mnr. Bohanon is 'n boesemvriend, en hy was die superintendent van die Staatsdiens toe ek daar gewerk het. Toe ek pas gered was, het ek hom vertel dat ek die Boek Openbaring gelees het. Hy het gesê: "Ek het daardie ding probeer lees," het hy gesê. En Mnr. Bohanon was 'n goeie man, en hy—hy was 'n lidmaat van die kerk. En—en ek weet nie waaraan hy alles behoort het nie, maar hy het gesê: "Ek dink Johannes moes daardie aand 'n rooipeper aandete gehad het, en op 'n vol maag gaan slaap het."

48 Ek het vir hom gesê, al kon dit my my werk gekos het, ek het gesê: "Skaam jy jou nie om dit te sê nie?" En ek was net 'n seun. Maar ek het gesê: "Skaam jy jou nie om dit oor die Woord van God te sê nie?" Sien? Tog, en net 'n kind, niks meer as vroeë . . . miskien een-en-twintig, twee-en-twintig jaar oud; en werk was skaars, en die depressie aan die gang. Maar, tog, daar was 'n vrees daarin, toe ek . . . skeef, enige skewe woord teenoor God se Woord gehoor het. Dit is Waarheid; alles Waarheid. So, dit was nie maar net 'n droom of 'n nagmerrie nie; dit was nie wat Johannes geëet het nie.

49 Hy was op die Eiland van Patmos omdat hy die Woord van God in 'n boekvorm probeer plaas het, en deur die Romeinse regering daarheen verban is. En was op die eiland, op die Dag van die Here. En hy het agter hom 'n Stem van baie waters gehoor, en het omgedraai om te kyk, en hy het Sewe Goue Kandelare gesien. En daar het die Seun van God tussen hulle gestaan, nou.

50 En, dan, die Boek is 'n openbaring. So, 'n openbaring is iets wat bekendgemaak word oor iets, iets wat geopenbaar word. En nou, let op, sodat julle dit nie vergeet nie, dit is "verborge tot die laaste tye." Sien? Die hele verborgenheid Daarvan is "verborge tot die laaste tye." Ons kry dit hier in die Skrif.

51 Nou, die verborgenheid van die Boek word geopenbaar wanneer die Seëls gebreek word. En wanneer die Seëls volledig gebreek is, is die tyd van die verlossing verby; want die Lam het die middelaarsplek verlaat, om uit te stap om Sy aansprake op te neem. Hy was 'n Middelaar, tussen-in. Maar wanneer die ware openbaring plaasvind oor die Seëls, soos Hulle begin breek, kom die Lam na vore uit die heiligdom. Dit is volgens die Woord. Ons het dit gisteraand gelees. Hy het gekom uit die . . . uit die midde, en het die Boek geneem, so Hy is nie meer Middelaar nie. Want, hulle het Hom selfs 'n Leeu genoem, en dis—dis die Koning, en Hy is dan nie 'n Middelaar nie.

52 Alhoewel, die akteurs van hierdie Seëls begin in die eerste kerkeeu. Nou onthou, sodat julle—julle die agtergrond daarvan deeglik kan kry, as ons kan, of so deeglik as moontlik. Die "akteurs," ek sal dit so stel, want 'n akteur is 'n man wat van maskers verander. Sien?

53 En in hierdie toneelstuk, vanaand, gaan ons sien dat dit Satan is wat sy masker verander. En, almal, akteurs.

54 Christus, wat die rol gespeel het wat Hy het, toe Hy van 'n Gees na 'n mens geword het, het Hy slegs 'n akteur se klere, menslike vlees aangetrek, en neergedaal in die vorm van 'n Man, ten einde 'n Bloedverwante Losser te wees.

55 Nou—nou, sien julle, dis net 'n akteur se vorm. Dis waarom hulle almal in gelykenisse is en si-. . . en soos hulle hier is, soos lewende wesens, en diere, ensovoorts. Dis in 'n toneelstuk. En hierdie akteurs begin in die eerste kerkeeu, want dit is Christus wat Homself aan die sewe kerkeeue geopenbaar het. Verstaan julle dit nou? [Gemeente: "Amen."—Red.] Goed. Sien? Christus wat Homself aan die sewe kerkeeue openbaar.

56 Toe het daar, deur hierdie kerkeeue, 'n groot deurmekaarspul tot stand gekom. Dan, teen die einde van die kerkeeu, moet die sewende engel se Boodskap dan hierdie verlore verborgenhede ontvang en dit aan die Kerk gee. Sien? Nou sal ons dit oplet.

57 Maar nie dan geopenbaar in hulle ware staat nie. Nou, in die Bybelse tye, was die verborgenhede daar, en hulle het hierdie dinge sien gebeur soos Johannes dit hier gesien het. Nou het hy gesê: "Daar is 'n ruiter op 'n wit perd." Maar, wat die verborgenheid daarvan is, daar is 'n verborgenheid wat met daardie ruiter saamgaan. Nou, wat dit was, het hulle nie geweet nie, maar dit moet geopenbaar word. Maar dit moet geopenbaar word nadat die Lam die Vader se Troon verlaat, van Sy bemiddeling as Bloedverwante Losser.

58 Ek gaan hier 'n ietsie laat val. Nou, as enigiemand hierdie bande kry. . . Enige mens kan sê wat hy ook al wil. Hy het 'n reg tot enigiets van sy oortuiging. Maar as. . . Julle weet, as 'n prediker nie hierdie onder sy mense wil hê nie, sê dan vir hulle om dit nie te neem nie. Maar ek—ek. . . Dit is onder die mense waarheen ek gestuur is om mee te praat, daarom moet ek openbaar wat die Waarheid is. Sien?

59 Nou, die Lam, in die tyd van bemiddeling *hier*, het Hy geweet dat daar name daarin is, wat daarin geplaas is van die grondlegging van die wêreld af. En solank as wat daardie name nog nooit op aarde gemanifesteer is nie, moes Hy daar bly as Middelaar. Verstaan julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Perfek, voorbestemming! Sien? Goed. Hy moes daar bly, want Hy het gekom om te sterf vir dié wat God bestem het tot die Ewige Lewe. Sien? Sien? Deur Sy voorkennis, het Hy hulle gesien. Nie deur Sy Eie wil nie; Sy wil was dat niemand sou vergaan nie.

Maar deur Sy voorkennis het Hy geweet wie sou en wie sou nie. Daarom, solank as wat daar een naam was wat nie, nog nie op aarde 'klaar—verklaar is nie, moes Christus daar bly as 'n Middelaar, om vir daardie naam te sorg.

60 Maar sodra daardie laaste naam in daardie Clorox of bleikmiddel gespoel is, dan is Sy middelaarsdae verby. "Laat hom wat onrein is, onrein bly. Laat hom wat heilig is, hy heilig bly." Sien? En Hy verlaat die heiligdom en dan word dit 'n Oordeelstroon. Wee hulle wat dan buite Christus is!

61 Let nou op, maar Dit moet geopenbaar word as die Lam Sy middelaarsplek by die Vader verlaat. Nou, dis Openbaring 5. Nou neem Hy die Boek van Seëls, die Boek van Seëls, of 'n Boek verseël met Seëls, breek hulle en vertoon hulle. Kyk. Aan die einde van die eeu nou, na die bemiddeling verby is, die kerkeeue het reeds tot 'n einde gekom.

62 Hy het ingekom, in die eerste eeu, die Efésiese Eeu; geopenbaar, die boodskapper gestuur.

63 Let op wat gebeur, soos ons aangaan. Hier is die plan daarvan. Die eerste ding wat gebeur, daar is, eerste, 'n—'n —'n aankondiging in die Hemele. Wat gebeur? 'n Seël word oopgemaak. Wat is dit? 'n Verborgenheid word oopgevou. Sien? En wanneer 'n verborgenheid oopvou, dan weerklink 'n basuin. Dit verklaar 'n oorlog. 'n Plaag tref, en 'n kerkeeu het geopen. Sien?

64 Wat is die "oorlog" deel? Die engel van die Kerk begryp die verborgenheid van God, wat nog nie ten volle geopenbaar is nie. Maar, wanneer hy dit doen, begryp hy hierdie verborgenheid van God, en dan gaan hy uit na die mense nadat die verborgenheid aan hom gegee is. Gaan uit na die mense! Wat doen hy daarbuite? Hy begin daardie Boodskap verkondig. En wat begin dit? 'n Oorlog, 'n geestelike oorlog.

65 En dan neem God Sy boodskapper, met die Uitverkorenes van daardie eeu, en lê hulle weg, aan die slaap. En dan stuur Hy 'n plaag op hulle wat Dit verwerp het; 'n tydelike oordeel.

66 En dan na dit verby is, dan gaan dit voort, en hulle denomineer, en bring denominasies in, en begin met daardie man se werk, soos met Wesley en al die ander. En dan raak dit weer alles in 'n dwarstrekking.

67 En dan kom 'n ander verborgenheid na vore. Wat gebeur dan? Nog 'n boodskapper kom op die aarde aan, vir 'n kerkeeu. Sien? Dan, wanneer hy aankom, hy die—weerklink die basuin. Hy verklaar oorlog. Sien? En wat gebeur dan? Uiteindelik, word hy dan weggevoer. En dan wanneer hy weggelê is, dan tref die plaag, vernietig hulle. Geestelike dood tref die kerk, en sy is weg, daardie groep.

Dan gaan Hy voort na 'n ander een. O, dis 'n groot plan!

68 Totdat dit by daardie laaste engel kom. Nou, hy het geen spesifieke verborgenheid nie. Maar hy maak alles bymekaar wat verlore geraak het in daardie ander eeue, al die Waarhede, wat nog nie waarlik geopenbaar is, sien, soos die openbaring gekom het nie, dan openbaar hy daardie dinge in sy dag. As julle dit wil lees, daar is dit. Openbaring 10, 1 tot . . . 1 tot omtrent 4, sal julle dit kry. Goed. Sien? "Neem die Boek en, met Seëls, en breek hulle," en wys vir die sewende engel; want slegs dit, die verborgenhede van God, is die bediening van die sewende engel. Nou, ons het pas deur die kerkeeue gekom, met selfs geskiedenis, en dit bewys. Sien? Dit is die—die engel se Boodskap, van die sewende kerk, goed, openbaar al die verborgenhede wat daar in die verlede was, al die dinge in die verlede. Openbaring 10:1-7, moet dit wees. Nou, onthou: "In die dae van die sewende engel, as hy opklink, die Evangelie-basuin laat weerklink, moet hy al die verborgenhede van God laat eindig."

69 Net soos, hier uitgekom het, in die vroeë kerkeeue. Ons sal dit kry, na 'n rukkie, 'n leerstelling. En, dan, word dit eers 'n gesegde; dan 'n leerstelling; en word dan 'n statuut; word dan 'n kerk, en deur die donker eeue.

70 Toe het uit die donker eeue die eerste hervorming gekom, Luther. En hy het, allerhande verborge dinge wat gedurende daardie kerkeeu gebeur het, met hom saamgebring, alles destyds daarin, maar hy het dit nooit klaargemaak nie.

71 Toe kom Wesley te voorskyn, met heiligmaking, het nog meer daarvan gekry. Tog, het dit nooit klaargemaak nie; het los drade oral gelaat, soos besprinkeling in plaas van doop. En Luther het "Vader, Seun, Heilige Gees" in plaas van die "Here Jesus Christus" geneem. Al hierdie verskillende dinge!

72 Toe kom daar die Pinkstereeu, met die doop van die Heilige Gees, en hulle het daarop klem gelê. Nou, daar kan nie nog eeue wees nie. Dis hulle almal. Dis die Filadelfia . . . of, nou, die Laodicése Eeu. Maar toe het die . . .

73 Ons het gevind, met die bestudering van die Skrif, dat die boodskapper vir die eeu reg teen die einde van die eeu kom, elke keer. Paulus het aan die einde van die eeu gekom. Ons vind uit dat Irénaeus na die einde van die eeu gekom het. Martin, einde van die eeu. Luther, die einde van die Katolieke eeu. En (wat?) Wesley teen die einde van die Lutherse eeu. En Pinkster teen die einde van die eeu van heiligmaking, na die doop van die Heilige Gees.

74 En teen die einde van die Pinkstereeu, is ons, volgens die Woord, veronderstel om te ontvang, soos God my help om vanaand vir julle te wys, hierdeur, dat ons 'n boodskapper behoort te sien, ontvang, wat al daardie los drade daar sal optel en die hele geheimenis van God sal openbaar, vir die wegraping van die Kerk.

75 En dan kom daar sewe geheimsinnige Donderslae voor, wat glad nie eers opgeskryf is nie. Dis reg. En ek glo dat, deur daardie Sewe Donderslae, sal in die laaste dae geopenbaar word, ten einde die Bruid bymekaar te kry vir wegraping-geloof. Want, met wat ons tans het, sou—sou ons dit nie kon doen nie. Daar is iets. Ons moet verder tree. Ons, ons het skaars genoeg geloof vir Goddelike genesing. Ons moet genoeg geloof hê om verander te word, in 'n oomblik, en weggevee te word uit hierdie aarde uit. En ons sal dit kry, na 'n rukkie, as die Here wil, kry waar Dit geskryf is.

76 Dan, al die oordele oor hierdie boosdoeners! Nou, kyk, deur die eeue heen het van hierdie Seëls gebreek, tot die laaste Seël nou gebreek word. En nou omdat hulle—omdat hulle ook hierdie Seëls waargeneem het, en net aanvaar, aanvaar het wat hulle gedoen het. Nou, teen die einde van die eeue, van die kerkeeue, sal al hierdie boosdoeners plaasvind en eindig in die Verdrukking; al hierdie boosdoeners van die Sewe Seëls, wat verborge in die kerk gewerk het.

77 En ons sal uitvind, binnekort, dit het selfs in die naam van 'n kerk gewerk. Hulle noem hulleself: "Die Kerk." En kyk julle net of dit nie reg is nie. Geen wonder ek was so teen denominasie nie, sonder om te weet hoekom. Sien? Sien?

78 Hulle kom tot 'n einde. Nou, dit begin hier in 'n geringe mate, en word net al erger en erger, die hele tyd totdat. . . En mense gaan daarmee saam, sê: "O, ja, *dit* is net goed." Maar in die laaste dae word hierdie dinge bekendgemaak. En hulle raak uiteindelik so erg dat hulle reguit in die Verdrukkingsperiode ingaan.

79 En hoe kan 'n mens sê dat die Bruid van Christus in die Verdrukking ingaan? Ek kan dit nie verstaan nie. Sien? Sy word van die Verdrukking weggeneem. As—as die Kerk geoordeel is, en hulle het hulleself geoordeel en het die Bloed aanvaar, hoe kan God 'n mens oordeel wat perfek, totaal sondeloos is?

Jy sê: "Daar is nie so 'n persoon nie."

80 Elke wedergebore gelowige, ware gelowige, is volmaak, absoluut sondeloos voor God. Hy vertrou nie op sy werke nie; op die Bloed van Jesus, waarin sy belydenis geval het. Die Bybel sê so. Sien? "Hy wat—wat uit God gebore is, sondig nie, want hy kan nie sondig nie." Hoe kan jy 'n mens 'n sondaar maak wanneer die bleikmiddel van die Bloed van Jesus Christus tussen hom en God is? Dit sou sonde verstrooi totdat daar niks van oor is nie. Sien? Hoe kan daardie rein Bloed van Christus ooit 'n sonde daar laat verbykom? Hy kan nie.

81 Jesus het gesê: "Wees julle dan volmaak, soos julle Vader in die Hemel volmaak is." En hoe kan ons selfs begin dink aan volmaak wees? Maar Jesus het dit vereis. En as Jesus dit vereis het, moet Hy 'n weg daarvoor maak. En Hy het; Sy Eie Bloed!

82 Nou, alles, openbaar al die verborgenhede wat in die verlede daar was. Nou, die gedagte is, hier teen die endtyd, dat die verborgenhede wat daar ver in die verlede begin en deur die kerkeeue heen gekom het, hier by die breek van die Seëls geopenbaar moet word, hier in die laaste dae, na die tyd van bemiddeling net omtrent klaar is, teen daardie tyd.

83 Dan wag die oordele vir hulle wat agterbly. Hulle gaan voort tot daar. Hierdie is nadat die Bruid van die toneel af geneem is.

84 O, kom ons lees net 'n Skrif. Hou julle almal daarvan om van die Skrifte neer te skryf? Kom ons vat Twee Tessalonicense, net 'n oomblik, en kyk hier vir 'n oomblik. Dit—dis so 'n pragtige prentjie hier! Ek hou daarvan. En kom ons kyk. Ja, Twee Tessalonicense. En ek wil die 2de hoofstuk van Twee Tessalonicense hê, en die—die 7de vers. Kom ons kyk. Twee Tessalonicense 2:7. Ek dink dis nou reg. Ek het dit neergeskryf, sidderend en bewend.

> . . . *die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk: net hy wat . . . totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is.*

85 Wie? "Hy wat teëhou." Sien? Sien, 'n verborgenheid: "die verborgenheid van die ongeregtigheid," destyds hier in daardie heel eerste kerkeeu. Hier skryf Paulus, sê dat: "Die verborgenheid van die ongeregtigheid." Wat is ongeregtigheid? Ongeregtigheid, is iets wat jy weet jy behoort nie te doen nie, en jy doen dit nogtans. En Paulus het gesê daar is sulkes vandag op die aarde, werkers van ongeregtigheid. O, as julle . . . Ons gaan kom by die . . . Kom ons lees net daardie gedeelte, net 'n oomblik. Begin 'n bietjie hoër op, die 3de vers.

> *Laat niemand julle op enige manier mislei nie: want daardie dag sal nie kom, voor daar nie eers moet 'n wegval kom nie, en die* (m-e-n-s) *mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf;* (dis reg)
>
> *Die teëstander wat* teenstaan *en hom* verhef *bo al* wat *God genoem word, of voorwerp van aanbidding is; sodat hy in die tempel van God as God sal sit, en* voorgee *dat hy God is,* sondes vergewe.
>
> *Onthou julle nie, dat ek dit altyd vir julle gesê het, toe ek nog by julle was nie?*

86 Ek sou graag onder van sy lering wou sit. Sou julle nie?

> *En nou,* julle *weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.*

87 Nie toe nie, sien, nie toe nie; maar "op sy tyd," sien, by die breek van daardie Seël. Ons sou presies weet wat dit was. Wie is hierdie man van ongeregtigheid? Wie is hierdie man van sonde, hierdie kêrel wat ongeregtigheid aan die bewerk is? "Maar sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word."

Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan *die werk* (misleiers, sien julle, wat die mense na iets mislei, sien): *net totdat hy* (God) wat *nou teëhou, totdat hy* (die Kerk, Christus, die Bruid) *uit die weg geruim is.*

en dan sal die *Ongeregtige geopenbaar word, . . .*

88 By die breek van die Seël: "op sy tyd." Paulus het gesê: "Nie in my tyd nie, maar in die tyd wanneer hy geopenbaar sal word." Sien?

. . . wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg, . . .

89 Ons gaan na 'n ruk daarby kom: "die asem van sy mond." Kyk wat dit is.

. . . en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak:

hy wie se koms is volgens die werking van die Satan . . .

90 Hy: "hy," 'n man wie se werking volgens die werking van Satan is.

. . . met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen,

en met allerhande verleiding van ongeregtigheid, mislei mense deur ongeregtigheid, *in die wat verlore gaan* (nie hierdie Bruid nie), in hulle wat na so-iets soek, *omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het, . . .*

91 En Christus is die Waarheid, en Christus is die Woord; maar hulle wil eerder 'n geloofbelydenis hê. Huh! Sien?

. . . om gered te word nie.

En daarom sal God hulle die krag van die dwalings stuur, *om 'n—'n leuen te glo:*

92 Dit moet daar vertaal word, soos ek in die woordeboek gekyk het: "die leuen," nie "'n leuen" nie. "Die leuen," dieselfde een wat hy vir Eva vertel het.

sodat almal . . . geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.

93 Wat 'n stelling! Goeiste! Nadat die Bruid weggeneem is, dan sal hierdie man van sonde homself openbaar.

94 Sy, die ware Bruid van Christus, is verkies uit elke kerkeeu.

95 Nou, nou die dag het ek 'n uitspraak gemaak: "Die Bruid kon Huis toe gaan en julle sal niks daarvan weet nie." Dis waar.

96 Iemand het gesê: "Wel, Broer Branham, dit sou 'n geweldige klein groepie wees."

97 Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag," nou praat julle met Hom daaroor, sien, "toe daar agt siele deur water gered is, so sal dit wees met die Koms van die Seun van die mens." As daar vanaand agthonderd in die Wegraping gegaan het, sou jy nooit môre, of die volgende dag, of geen ander tyd, 'n woord daarvan hoor nie. Hulle sou weg wees en jy sou niks daarvan weet nie. Sien, dit sou net dieselfde ding wees.

98 Wat probeer ek sê? Ek probeer julle nie bang maak, besorg maak nie. Ek—ek wil hê julle moet op julle tone wees. Wees gereed, wakker, elke oomblik. Laat staan julle onsin. Kom tot die punt met God, want dit is later as wat julle dink.

Nou, julle onthou, die ware Bruid!

99 Nou, daar is 'n valse bruid. Ons kry dit in Openbaringe 17. Sy het gesê: "Ek is 'n weduwee, en het niks nodig nie," sien julle, gesit op hierdie skarlakenrooi 'dierte, ensovoorts, of liewer, die dier.

100 Nou, maar die ware Bruid sal bestaan uit duisende maal duisende mense, maar dit sal die Uitverkorenes uit elke kerkeeu wees. Elke keer as 'n boodskap uitgegaan het, en die mense dit geglo het en dit aangeneem het in al die Lig wat daar was, dan is hulle verseël tot daardie Dag van Verlossing.

101 Leer Jesus nie dieselfde ding, toe Hy gesê het: "Die—die klank kom in die—die sewende wag" nie? Dis die laaste kerkeeu. Sien? En gesê: "Aanskou, die Bruidegom kom; gaan uit Hom tegemoet."

102 En toe het die slapende maagd gekom, haar oë gevryf, en gesê: "Veronderstel ek moet ook van daardie Olie hê, so miskien moet julle beter hê daarvan."

103 En die egte, ware Bruid wat daar staan, het gesê: "Ons het net genoeg vir onsself. Uh-huh. Ons het net genoeg om self in te kom. Ons kan jou niks gee nie. As jy daarvan wil hê, gaan bid."

104 En terwyl sy weg was, het die Bruidegom gekom, en die Bruid het ingegaan. En toe is daardie oorblywendes daar, dié wat absoluut deugsaam was, die kerk, buite gelaat. En Hy het gesê: "Daar sal 'n geween, en 'n gekerm, en 'n gekners van die tande wees."

105 Sien, nou, dis die Uitverkorenes. En toe die geklank uitgegaan het: "Die Bruidegom kom," toe het almal van dié wat deur daardie eeue heen geslaap het, wakker geword, elkeen. Sien, dit is nie dat God, soos ons mag dink, net vir Hom 'n paar duisend mense van hierdie eeu gaan opspoor en hulle neem nie. Dis die werklike Uitverkorenes uit elke eeu. En dis waarom Christus hier op die middelaarstroon moet bly, as 'n Middelaar, totdat daardie laaste een inkom in die laaste eeu. En hierdie openbarings dan, van wat dit was, breek uit oor die

mense, en hulle sien wat gebeur het. Sien? Verstaan julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed.

106 Let op: "Die res van die dooies," kerklidmate: "het nie weer gelewe voordat eenduisend jaar verby is nie." Die kerklidmate, die—die Christene, die kerk, het nie weer gelewe voor die end van die duisend jaar nie. En toe het hulle na vore gekom om voor die Bruid te staan, dis reg, voor die Koning en die Koningin te staan. Glorie!

Een of ander kerk noem haarself vandag: "Die Koningin van die Hemel."

107 Die Koningin van die Hemel is die gekose Bruid van Christus, en Sy kom saam met Hom. Daniël het dit gesien, en gesê: "Tienduisende maal tienduisende het Hom bedien." Nou as julle die Skrif daar, in Daniël, sal dophou: "die oordeel is bepaal, en die boeke is oopgemaak." Nou onthou, wanneer Hy kom, kom Hy saam met Sy Bruid. Die vrou bedien haar man. "En tienduisende maal tienduisende duisende het Hom bedien. Oordeel is bepaal, en die boeke is oopgemaak." "En 'n ander boek is oopgemaak, wat die boek van die Lewe is," hoegenaamd glad nie die Bruid nie. Sy het reeds opgegaan en het teruggekom, en staan daar in oordeel oor daardie geslagte wat die Evangelie Boodskap geweier het.

108 Het Jesus nie gesê nie: "Die koningin van die Suide sal saam met hierdie geslag opstaan in haar dae, van die Oordeel, en sal hierdie geslag veroordeel; want sy het van die uiteindes van die wêreld gekom, om die wysheid van Salomo aan te hoor, en 'n groter as Salomo is hier." Daar het die—die oordeel gestaan, die koningin van—van Skeba, uit die Suide, het daar in die Oordeel gestaan, en haar eie getuienis.

109 Nie eens 'n Jood nie, het saam met daardie geslag, wat Jode wás, opgekom. En hulle was blind, en het Hom misgekyk. Want, hulle het Hom verwag, maar Hy het so eenvoudig gekom, dat hulle heeltemal daar bo-oor gekyk het, net so.

110 En, daar, het hierdie groot koningin haarself verneder, en die boodskap kom aanvaar. "En sy sal in die Oordeel staan," het Hy gesê: "en daardie geslag veroordeel."

111 Nou julle sien, altyd die drie klasse. Die boek, waaruit die dooies geoordeel is; 'n ander boek, die boek van die Lewe, hulle wat hulle name in die boek van die Lewe gehad het.

112 Hulle sê: "As jou naam in die boek van die Lewe is, is alles reg, nê?" Nee, meneer!

113 Kyk, Judas Iskáriot het sy naam in die Boek van die Lewe gehad. Nou sê dis verkeerd? Jesus het, in Matthéüs 10, vir hulle mag gegee om duiwels uit te dryf, en het hulle uitgestuur om die siekes te genees, en om die melaatses rein te maak, en die dooies op te wek. En hulle het uitgegaan, en het teruggekeer, Judas saam

met hulle. En hulle het duiwels uitgedryf, en allerhande wonders verrig. En het teruggekeer, en gesê: "Selfs die duiwels is aan ons onderworpe."

114 Jesus het gesê: "Moenie verheug wees omdat die duiwels aan julle onderworpe is nie, maar wees verheug dat julle name geskryf is in die Hemel." En Judas was by hulle. Maar wat het gebeur? Toe die Uitverkore groep, daar na Pinkster moes opgaan en werklik die Heilige Gees ontvang, het Judas sy kleure gewys. Hy sal daar wees in die Oordeel.

115 So die boeke is oopgemaak; en 'n boek, die Lewe, is oopgemaak; en elke mens is daarvolgens geoordeel. Nou, die Bruid staan daar saam met Christus, om die wêreld te oordeel. Doen nie . . . Paulus sê: "Durf julle," as hy met die Bruid praat: "wat een of ander grief teen mekaar het, dat julle na die onregverdige wet gaan. Weet julle nie dat die heiliges die aarde gaan oordeel nie?" Sien? Daar het jy dit. Die heiliges gaan die aarde oordeel en dit oorneem. Dis reg.

116 Sê: "Hoe op aarde gaan 'n groepie soos dít?" Ek weet nie hoe dit gedoen gaan word nie. Maar Hy het gesê dit gaan gedoen word, so daarmee is dit net afgehandel, wat my betref.

117 Nou kyk. Let nou op. "Die res van die dooies," die kerklidmate, dooie kerklidmate: "het nie weer gelewe voor die duisend jaar nie." En toe is hulle, met die duisend jaar, bymekaargebring; 'n ander opstanding kom, wat die tweede opstanding is, en hulle word bymekaargebring. En Christus en die Kerk, die Bruid, nie die kerk nie; die Bruid, Christus en die Koningin, nie die kerk nie. Ker- . . . Christus en die Bruid het daar gestaan.

118 En hulle is geskei, soos die skape van die bokke. Dis reg. Daar het die kerklidmate opgekom. En as hulle die Waarheid gehoor het die Waarheid verwerp het, wat sal dan gesê word as die groot ding oor die doek uitgesprei word, wanneer selfs jou gedagtes daar sal wees, wat jy Daarvan gedink het? Hoe gaan jy daaraan ontsnap, en dit daar op die doek van die hemelruim, en God se groot televisie daar. Dis jou eie gedagtes in opstand. Jou eie gedagtes sal teen jou praat in daardie uur.

119 So as jy een ding sê, en 'n ander dink, moet jy liewer daarmee ophou. Kry jou gedagtes op God. Hou hulle suiwer, en bly net daarby, en sê die heeltyd dieselfde ding. Sien? Moenie sê: "Wel, ek sal sê ek sal Dit glo, maar ek sal gaan uitvind," nie. Glo Dit! Amen.

120 Let op, hierdie tipe, die rede waarom hulle uitsterf, hulle gaan deur die vuurdoop van beproewing van die Verdrukking, want hulle is nie werklik onder die Bloed nie. Hulle maak daarop aanspraak dat hulle is, maar hulle is nie. Hoe kan hulle deur 'n beproewing gaan, om hulle te suiwer, as daar is, as die (bleik) Bloed van Jesus Christus elke simptoom van sonde en goed van

jou wegneem? "En jy is alreeds dood en jou lewe is verborge in Hom, deur God, en daarin verseël deur die Heilige Gees." Waaroor gaan jy geoordeel word? Waar gaan jy jou reiniging kry? Waarvan moet jy gereinig word, wanneer jy volmaak in Christus, sondeloos, is? Hoe . . . Waarvoor is die oordeel? Maar dit is die slapende klomp, wat daardie mense nie kan raaksien nie.

121 Nou, hulle het dit jare lank nie gedoen nie, julle sien, maar hierdie is die uur van openbaring, sien, sien, wat geopenbaar word met die Koms van die Bruid; die laaste regmaak, die laaste dinge is aan die kom. Dit kom tot 'n einde, vriend, glo ek. Wanneer? Ek weet nie. Ek—ek kan julle nie sê nie. Maar enigiets . . . Ek wil vanaand lewe asof as dit vanaand is, sal ek reg wees. Sien? Hy mag dalk vannag nog kom, en Hy mag dalk nie binne twintig jaar kom nie. Ek weet nie wanneer Hy sal kom nie. Maar wanneer dit ook al is, . . . En my lewe mag vannag verby wees; en, dan, wat ek ook al hier gedoen het, dis klaar teen daardie uur. Ek—ek moet Hom gaan ontmoet in die oordeel, hoe ek hieronder opgetree het. "Soos wat die boom leun, so val dit."

122 Onthou, toe hulle gegaan het om Olie te koop, het hulle . . . "O," jy sê: "wag nou 'n bietjie, Broer Branham. Ek is nie so seker daarvan nie." Toe hulle gaan Olie koop het, toe hulle teruggekom het, was die Bruid al weg en die deur was gesluit. En hulle het geklop, en gesê: "Laat ons in! Laat ons in!" [Broer Branham klop verskeie kere op die preekstoel—Red.] Maar hulle was buite in die buitenste duisternis.

123 Nou, as julle 'n tipe daarvan wil hê, kyk nou. "In die tyd van Noag," het Jesus gesê, daarna verwys. Nou, in Noag se tyd, het hulle in die ark ingegaan. Maar hulle is gedra oor die . . . gedurende die tyd van die oordeel, maar dit—dit het nie Christus se Bruid getipeer nie.

124 Hénog het die Bruid getipeer. Hénog! Noag het oorgegaan, deur die Bruid . . . het oorgegaan, deur die verdrukkingsperiode, en het gely, en 'n dronklap geword, en gesterf. Maar Hénog het voor God gewandel, vir vyfhonderd jaar, en het 'n getuienis gehad: "hy het God behaag," met wegrapingsgeloof; en het net sommer begin uitstap, en het opgegaan deur die lug, en het Huis toe gegaan sonder om eens die dood te smaak; het nooit gesterf nie, glad nie.

125 Dis 'n tipe van: "Ons wat in die lewe oorbly, sal nie daardie selfde soort mense wat ontslaap het, vóór wees, of verhinder," wat aan die slaap geval het as gevolg van menslike ouderdom, in die—in die toestand van menslike ouderdom nie. Hulle het destyds gesterf, maar hulle is nie dood nie. Hulle slaap. Amen. Hulle slaap, is nie dood nie. En al wat nodig is, is die Bruidegom om hulle wakker te maak. Ja. "En ons wat in die lewe oorbly, sal dié wat reeds ontslaap het, hoegenaamd nie hinder nie. Want die basuin van God sal weerklink, en dié wat in Christus gesterf het,

sal eerste opstaan; dan sal ons wat in die lewe oorbly saam met hulle weggeraap word, die Here tegemoet in die lug."

126 "En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie." Daar het julle dit, hulle het deur die Verdrukkingsperiode gegaan.

127 Wat was dit? Soos Hénog. Julle weet, Noag het vir Hénog dopgehou. Want, toe Hénog soek geraak het, het hy geweet oordeel is op hande. Hy het naby die ark begin bly.

128 Maar Noag het nie opgevaar nie. Hy het net 'n klein stukkie afgelig, en oor die verdrukkings gery. Hy is deur die verdrukkingsperiode gedra, om die dood te sterf. Sien? Maar Noag is deurgedra.

129 Hénog is verplaas, sonder dood, 'n tipe van die Kerk wat weggeraap word saam met dié wat ontslaap het, die Here tegemoet in die lug, en die res van die kerk word oorgedra in die Verdrukkingstyd. Kan self niks anders daaruit maak nie. Hénog, weggeraap, geen dood nie.

130 Nou laat ons nou 'n bietjie begin bestudeer, by ons les uitkom. Bly ek daarby, sal ons nooit hierby, hierdie Seël, uitkom nie. Nou let op. Kom ons vat nou, want ons gaan dit kry, so teen, miskien môre-aand of die volgende aand, by 'n Basuin uitkom, af en toe, want die Basuin weerklink op dieselfde tyd van die Seëls. Dis net dieselfde ding. Die kerkeeu open, die . . . net dieselfde ding. Sien?

131 Nou, 'n basuin dui altyd oorlog, of, andersins, politieke versteuring aan, die basuin doen, 'n politieke versteuring, en dit veroorsaak oorlog. Wanneer jy gaan inmeng in politiek, en hulle heeltemal deurmekaar krap, soos ons dit nou het, pas op, oorlog is op hande. Maar, sien, die koninkryk behoort steeds aan Satan. Hy het nogsteeds hierdie deel in sy hand.

132 Want hoekom? Dit is deur Christus vrygekoop, maar Hy vervul die rol van die Bloedverwante Losser, wat Sy onderdane neem, totdat die laaste een (naam) wat in daardie Boek geplaas is, Dit reeds ontvang het en weggeseël is. Verstaan julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

133 Dan kom Hy van Sy Troon af, Sy Vader se Troon, tree na vore, neem die Boek uit God se hand uit, van die Troon af, en eis Sy reg op. Die eerste ding wat Hy doen, is om na Sy Bruid te vra. Amen! Wat neem Hy dan? Hy neem Sy opponent, Satan, en bind hom, en werp hom in die vuur daarbuite, saam met almal wat hom gevolg het.

134 Nou, onthou, dit was nie Rusland nie. Nee. Die antichris is 'n gladde kêrel. Let net op hoe glad hy is. Hy is slim, nou. Ja, meneer. Verg net die Heilige Gees; enigste ding wat hom kan troef.

135 Let op, Basuine beteken politieke versteuring, oorloë. Matthéüs 24, het Jesus daarvan gepraat. Hy het gesê: "Julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë, sien, altyddeur."

Julle onthou die . . . Jesus wat daarvan praat: "Oorloë, gerugte en oorloë, en gerugte en oorloë, en regdeur tot aan die einde." Nou, dis die Basuine wat weerklink.

136 Nou, as ons by die Basuine uitkom, sal ons daarnatoe teruggaan en elkeen van daardie oorloë optel, en julle wys dat hulle daardie kerke gevolg het, julle wys hulle volg hierdie Seëls. "Oorloë en gerugte van oorloë." Maar, Basuin, dui politieke versteuring aan.

137 Terwyl, Seëls handel met die godsdienstige versteurings. Sien? 'n Seël word oopgemaak, 'n Boodskap word laat val. En dan is die kerk altyd so gesteld op sy eie politieke maniere, en wat nog alles, en al sy hoogwaardigheid. En wanneer daardie ware Boodskap neerval, gaan daardie boodskapper uit en hy skud hulle aan stukke. Dis reg. Dis godsdienstige versteuring as 'n Seël oopgemaak word. Dis wat gebeur het. Ja. Ja.

138 Hulle raak heel op hulle gemak in Sion. Die kerk raak goed gevestig, en: "Ons is nou gemaak." Net soos die kerk van Engeland, hulle was goed gevestig. Die Katolieke kerk, goed gevestig, en daar het Luther gekom. Daar was 'n godsdienstige versteuring. Ja, meneer! Daar was beslis! Wel, die kerk het daarvandaan voortgegaan, met Zwingli. En van Zwingli af, voortgegaan na verskillendes, en na Calvyn. En na 'n ruk, het die Anglikaanse kerk gevestig geraak, en dit was net op sy gemak, en daar het Wesley gekom. Daar was 'n godsdienstige versteuring. Dis reg. Sien, dit dui altyd 'n godsdienstige versteuring aan.

139 Nou, die Seël. Kom ons lees Dit nou net 'n bietjie. Ek wil dit—dit kry, ons sal Dit net lees. Ek raak aan die praat. Ek . . .

> *En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopmaak,* (wat het gebeur?) *en ek het gehoor,* soos *die geluid van* 'n *donderslag,* . . .

140 O, hoe sal ek daarvan hou om net 'n paar minute daarby stil te staan! En ek hoop nou dat al die mense wat hierdie dinge weet en wag vir die vertroosting van die Here, nou baie goed sal aandag gee; en op die bande, ook, dat julle hieroor sal dink.

141 Die eerste ding wat gebeur het, toe daardie Lam daardie Eerste Seël gebreek het, 'n Donderslag het gedreun. Nou, dit het 'n beduidenis. Dit het . . . Dis beduidend. Dit het 'n betekenis. Dis 'n betekenis. Niks gebeur sonder 'n betekenis nie. Nou goed, 'n Donderslag, 'n Donderslag het gedreun. Wonder wat daardie Donderslag was?

142 Nou kom ons lees 'n stukkie. Kom ons blaai na Matthéüs . . . Nee, kom ons vat eers vir Johannes. Johannes, 12de hoofstuk, en wag net vir 'n oomblik. Johannes, die 12de hoofstuk. En kom ons begin nou met die 23ste vers van Johannes 12. Nou luister nou, baie goed hier, dan hoef julle nie meer te wonder wat dit is nie.

Maar Jesus antwoord *hulle, en sê, Die uur het gekom, dat die Seun van die mens verheerlik moet word.*

143 Sien, jy is daar by die einde van 'n eeu. Sy bediening kom tot 'n einde. Sien? "Die uur het gekom, dat die Seun van die mens verheerlik moet word."

144 Wat van: "Die uur het gekom, dat Sy Bruid weggeneem moet word"? Wat? Die uur het gekom, dat: "Daar nie meer tyd sal wees nie." Die Engel is gereed om een voet op die land te plaas, en die ander een op die see, met 'n reënboog oor Hom, met voete, en te sê: "Tyd is verby." En daarbenewens, het Hy Sy hand opgesteek en gesweer dat "daar geen tyd meer sal wees nie," toe hierdie gebeur het. Hoe—hoe volmaak is dit, 'n beëdigde verklaring aan die Kerk!

. . . Die uur het *gekom, dat die Seun van die mens verheerlik moet word.*

Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, As die koringkorrel nie in die grond val *en* sterf *nie,* bly *dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.*

Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; . . . wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.

As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar . . . sal My dienaar ook wees: en as iemand My dien, sal My Vader hom eer.

Nou is my siel ontsteld; . . .

145 Julle sê: "Wel, Hy, kom aan die einde van die pad, en jy het ontsteltenis?" Wat laat dit jou dink wanneer een of ander groot geestelike ding gebeur, wat jou ontstel? O, goeiste! Uh-huh!

Nou in *my siel ontsteld; en wat sal Ek sê? Vader, red My in hierdie uur: maar hierom het Ek in hierdie* wêreld, *hierdie uur gekom.*

Vader, verheerlik U Naam! Daar het toe 'n stem uit die hemel gekom, wat sê, Ek hét dit verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.

En die skare, wat daar gestaan, en dit *gehoor het,* hulle het gesê . . . *daar 'n donderslag gewees het: . . .*

146 Toe, toe die Lam die Boek geneem het en daardie Eerste Seël gebreek het, het God van Sy Ewige Troon af gespreek, om te sê wat daardie Seël was, wat geopenbaar moes word. Maar toe Dit voor Johannes geplaas is, was Dit as 'n simbool. Toe Johannes Dit gesien het, was Dit steeds 'n verborgenheid. Hoekom? Dit is nie eens toe geopenbaar nie. Dit kan nie geopenbaar word voor wat Hy hier gesê het: "in die endtyd" nie. Maar dit het as 'n simbool gekom.

147 Toe, die "donderslag." Onthou, 'n harde knalgeluid van 'n Donderslag, is 'n Stem van God. Dis wat die Bybel sê, sien: "'n

Donderslag." Hulle het gedink dit was 'n donderslag, maar Dit was God. Hy het Dit verstaan, want Dit is aan Hom geopenbaar. Sien? Dit was 'n Donderslag.

148 En, let op, die Eerste Seël het oopgegaan. Die Eerste Seël, toe Dit in die simboolvorm geopen is, het dit gedonder. Nou wat daarvan as Dit oopgemaak word in Sy werklike vorm? Goeiste. . . Dit het gedonder net toe die Lam die Seël teruggedruk het. En wat het Dit geopenbaar? Nie alles van Daarvan nie. Eerste, is Dit by God; volgende, is Dit in 'n simbool; dan, word Dit geopenbaar. Drie dinge. Sien? Dit kom voort van die Troon af.

149 Eers, kan Dit nie gesien, gehoor, of niks, word nie. Dis verseël. Die Lam se Bloed het die prys betaal.

150 Dit het gedonder toe Hy Dit uitgespreek het. En toe Hy het, het 'n ruiter op 'n wit perd verskyn, en was Dit steeds 'n simbool. Nou kyk, Hy het gesê dit sal bekend wees in die laaste dag. Maar Dit kom na vore in 'n kerksimbool. Verstaan julle dit, kerk? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit kom na vore in 'n—'n simbool van 'n kerk, dat hulle weet daar is 'n Seël. Maar net wat Dit is, weet hulle nog nie, want dit is 'n ruiter op 'n wit perd.

151 En sal slegs geopenbaar word in die laaste dag, wanneer hierdie werklike Seël gebreek word. Gebreek vir wie? Nie vir Christus nie, maar vir die Kerk. Let nou op. O, goeiste, dit laat my net bewe! Ek—ek—ek hoop dat die Kerk Dit waarlik verstaan, wat ek bedoel, julle mense. Ek gaan julle Bruid noem, sien, sodat Julle Dit kan verstaan.

152 Die Stem is 'n Donderslag. Die Stem het waarvandaan gekom? Van die Troon af, waar die Lam pas weg is, as Middelaar. Nou staan Hy hier om Sy posisie en Sy aansprake in te neem. Maar die Donderslag het van die binnekant van die Troon af gekom, na buite gedonder. En die Lam het hierbuite gestaan. Die Donderslag, waar die Lam weg is. Het die Vader se Troon verlaat, om Sy Eie Troon te gaan inneem. Glorie! Nou, nou moet dit nie mis nie, vriende.

153 Ons weet almal, as Christene, dat God vir Dawid gesweer het dat Hy Christus sou oprig om op sy Troon te sit, en Hom 'n ewigdurende koninkryk hier op die aarde sou gee. Hy het dit gedoen.

154 En Jesus het gesê: "Hy wat die antichris en al die dinge van die wêreld oorwin, sal saam met My op My Troon sit, soos Ek oorkom het en gaan sit het op My Vader se Troon." Sien?

155 Nou, eendag staan Hy op van die Vader se Troon af, en gaan neem Sy Eie Troon in.

156 Nou kom Hy na vore om Sy onderdane te roep. Hoe gaan Hy hulle opeis? Hy het reeds die Boek van Verlossing in Sy hand. Glorie! O, ek voel lus om 'n lied te sing.

Spoedig neem die Lam Sy Bruid aan Sy sy in ewigheid,
Al die hemelinge om hul heen geskaar, (om dit dop te hou);
O, in glorie sal hul sit, al die heiliges in wit;
Saam met Jesus heers ons dan vir Ewig daar.

157 O, goeiste! Praat van "sit nou in Hemelse plekke"? Wat sal dit nie wees nie! As ons so kan voel, hier waar ons op aarde sit, voor die Wegraping nog kom, in hierdie toestand waarin ons nou is; en ons kan geniet, en staan teen die mure om, en staan in die reën, net om Hierdie te hoor; wat sal dit nie wees as ons Hom daar sien sit nie! O, goeiste! O, dit sal 'n wonderlike tyd wees.

158 Het die Vader se Troon verlaat, na vore gekom om... Sy Seun, om te wees die...Hy is die Seun van Dawid. Dis wat die Israel gedink het Hy toe sou doen. Onthou die Siro-Feniciese vrou, het gesê: "U Seun van Dawid!" Onthou vir blinde Bartiméüs: "U Seun van Dawid!" Uh-huh! En Jesus, wat geweet het wat die plan was, tog het hulle dit nie geweet nie. Hulle het Hom probeer forseer en Hom dwing om die troon in te neem. En selfs Pilatus het Hom gevra.

159 Maar Hy het gesê: "As My koninkryk van hierdie wêreld was, dan sou My onderdane veg. My koninkryk is van Omhoog." Maar Hy het gesê: "Wanneer julle bid, bid: 'Laat U Koninkryk kom. U wil geskied, soos in die Hemel, net so ook op die aarde.'" Amen. Uh-huh! Hoe heerlik is hierdie groot ding!

160 Het die Vader se Troon verlaat, om Sy Eie Troon in te neem. Hy het nou na vore gekom van Sy middelaarswerk af, om Sy Eie Troon op te eis, Sy vrygekoopte onderdane. Dis wat Hy van die Troon af, na vore gekom het om te doen. Dit is toe dat die leeuagtige Wese vir Johannes gesê het: "Kom, kyk." Hou dop. Lees julle dit?

> ...*een van die seëls oopmaak, en* dit...en *ek het een van die vier lewende wesens hoor sê,* asof dit *die geluid van 'n donderslag* was...

161 Julle weet wat die Lewende Wesens was. Ons het hulle gehad. "Een soos 'n leeu; een soos 'n kalf; en een soos 'n man; en een soos 'n arend." Nou, hierdie eerste Lewende Wese het gesê... Kyk, elke keer is daar 'n ander Lewende Wese, tot daardie vier perderuiters verby is. Daar is vier Lewende Wesens, en daar is vier perderuiters.

162 Let op, elkeen van daardie Lewende Wesens kondig aan. Matthéüs, Markus—Markus, Lukas, en Johannes. Ons gaan terugkeer en bewys watter een, Matthéüs, Markus, watter een Markus—Markus, watter een Johannes was, elkeen soos hulle gegaan het!...?...

> ...*een van die...lewende wesens sê: Kom...kyk.*

163 Hy het die geluid van 'n donderslag gehoor. En een van die Lewende Wesens het gesê: "Kom kyk nou."

164 Met ander woorde, nou, *hier* staan die Lam, en Johannes staan daar en kyk hoe dit gebeur. Die Lam het van die Troon af nadergekom, asof Hy geslag is, Bloed oraloor Hom. Hy was die Een wat waardig bevind is. En toe Hy uitgestrek het en die Boek geneem het, toe het alles begin uitroep, en skree, en tekere gaan, julle sien, want hulle het geweet daar is vir verlossing betaal.

165 Nou het Hy gekom om Sy Eie op te eis. So, Hy neem die Boek, staan daar voor Johannes, en Hy trek Dit terug en breek die Seël. Trek die Seël af! En toe Hy die Seël aftrek, het 'n Donderslag deur die plek geknal. En toe 'n Donderslag geknal het, kon Johannes sonder twyfel dalk in die lug opgespring het, toe 'n Donderslag gedreun het.

166 En toe het een van die vier Lewende Wesens gesê: "Nou kom, kyk wat Dit is, wat hieronder geopenbaar word." O, goeiste! "Johannes, skryf wat jy gesien het." So Johannes gaan kyk, sien wat Dit is. Johannes gaan kyk wat die Donderslag gesê het. Dis toe dat hierdie Wese vir Johannes gesê het: "Kom, kyk wat die verborgenheid onder die Eerste Seël is." [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel—Red.] Die Donderslag, die Stem van die Skepper het Dit geuiter. Nou, Hy behoort te weet wat Daar is. Sien? O, goeiste! Maar, dink, nou hy het Hierdie geskryf.

167 Maar toe hy daardie ander, Sewe Donderslae, begin skryf het, het Hy gesê: "Moet Dit nie skryf nie." Hy het opdrag gekry om alles te skryf wat hy gesien het. Maar toe hierdie Sewe Donderslae, daar in Openbaring 10, geuiter is, het Hy gesê: "Moet Hulle glad nie skryf nie." Hulle is verborgenhede. Ons weet nog nie wat hulle is nie. Maar, na my mening, sal hulle binnekort geopenbaar word. En wanneer dit gedoen is, sal dit geloof gee vir daardie wegrapende genade, vir daardie Kerk om uit te beweeg. Sien?

168 Ons het pas deur alles gegaan waarvan ons weet, deur al die bedelinge. Ons het na alles gekyk. Ons het die verborgenhede van God gesien. Ons het die verskyning gesien van die—van die groot bymekaarmaak van die Bruid in die laaste dae. Maar, tog, is daar iets Daarin waarmee ons net nie onsself kan verlig nie. Daar is iets anders.

169 Maar ek stel my voor, wanneer daardie verborgenhede na vore begin kom, het God gesê: "Hou Dit nou terug. Wag 'n oomblik. Ek sal Dit openbaar in daardie dag. Moet Dit glad nie skryf nie, Johannes, want hulle sal Daaroor struikel. Laat—laat dit net staan, sien. Maar Ek sal Dit openbaar in daardie dag wanneer dit nodig is om gedoen te word."

170 Hulle het nooit verniet gepraat nie. Onthou, soos die druppeltjie ink, is alles met 'n doel. Alles is vir 'n saak. Maar, let

op, die Skepper het gepraat. En hy—hy het hierdie Stem gehoor, en hy het gaan kyk.

171 Maar nou wys die Lam vir Johannes, in die simbool van . . . van 'n—van 'n, soos 'n kerk-skrif, sodat die kerk kan weet. Wat om te skryf, wys Hy hom net. Het gesê: "Nou moet—moet dit nie vertel, presies wat dit is nie. Moenie teruggaan, Johannes, en sê: 'Nou, dit is presies wat dit is, van wat onder hierdie Sewende Seël is,' nie. Moenie, moenie teruggaan en dit sê nie. Want, as Ek dit vir Johannes vertel, dan sal die hele plan, van regdeur die eeu, gebreek word. Dis 'n geheim." Sien? Hy wil net . . . Sy Koms! Hy het gesê, nou: "En niemand gaan weet wanneer Ek kom nie. Ek kom net." Sien? Sien? Dis al. Dit het niks met my te doen wanneer nie. Ek sal net gereed wees, julle sien. So toe het hy gesê . . .

Nou het Johannes uitgegaan, hy het gedink: "Ek gaan Dit nou sien."

172 En wat het hy gedoen, toe Johannes uitgegaan het? Hy, nou, wat moet hy doen? Nou moet hy hierdie skryf vir die kerkeeu. Dis wat hy veronderstel is om te doen, om dit te skryf aan die kerkeeue. "Skryf wat jy sien van hierdie Sewe Goue Kandelare, in die begin. Skryf aan hierdie kerk en sê vir hulle." Goed.

173 En 'n Donderslag het geknal. Johannes het geweet dit was die Stem van God. En toe het die—die Lewende Wese wat soos 'n leeu is, gesê: "Kom, kyk wat dit is." En Johannes het nou uitgegaan, met sy pen, om te skryf wat hy sou sien.

174 Nou, hy het nooit werklik gesien wat dit was nie. Hy het dit nooit verstaan nie. Maar wat Hy gesien het, was wat God vir "'n tyd" na die kerk gestuur het. Nou Hy moet . . . Hy sal; Hy doen dit altyd; Hy maak dit duidelik wanneer dit tyd is om dit duidelik te maak. Maar Hy het dit nie toe duidelik gemaak nie. Waarom? Want, Hy wou dit 'n geheim hou tot die laaste eeu. En die weerklink van die laaste engel se Boodskap sou hierdie verborgenhede saamvat. Sien?

175 Het dit nie duidelik gemaak nie. Maar wat Johannes gesien het, hy het net gesien: "'n Wit perd gaan uit, met 'n ruiter daarop," so dit is wat hy neergeskryf het, sien, toe hy het.

Dis wat hy gesê het: "Kom, kyk."

176 So Johannes het gegaan om te kyk wat hy kon sien, om aan die kerk te skryf. En toe hy het, het hy gesien: "'n Wit perd, en hy wat daarop sit, het 'n boog; en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar, en om te oorwin; en daar is 'n kroon aan hom gegee." En, nou, dis al wat Johannes gesien het, so hy skryf net, het dit alles neergeskryf. Nou, sien, dis in simbool. Dis hoe die kerk Dit ontvang het.

177 Maar, met die belofte, en in die laaste dag sou Hy Dit openbaar, wys wat Dit is. God, help ons om te verstaan. Kerkeeue, maar word nie ten volle bekendgemaak voor die

sewende Boodskap, van hierdie laaste kerkeeu nie. Let op, hy begin . . .

178 Hierdie boodskapper van die sewende kerkeeu, as julle dit sal oplet, hy begin nie 'n denominasie, soos die res van hulle het nie. Onthou, as hy nie begin . . . Nee. As julle sal nagaan, hy's daarteen. Was Elía, was Elía daarteen? Sekerlik, hy was. Was Johannes daarteen, met Elía se Gees?

179 Watter soort Gees het Elía op hom gehad? Hy was . . . Niemand weet veel van hom af nie. Hy was net 'n mens, maar hy was 'n profeet. Hy is gehaat. Goeiste! En in watter tyd het hy opgestaan? Reg in die tyd van die gewildheid van Israel, toe hulle almal wêrelds geraak het. En hy het dit daarbuite gekry, en hy was 'n "vroue-hater." Uh-huh. Ja, meneer. Was beslis. En hy was lief vir die wildernis. Dit was sy geaardheid.

180 Toe, daardie mense moes geweet het toe daardie kêrel daar aankom met daardie selfde Gees oor hom, daar aangekom, hierdie Johannes. Nie aangetrek soos die vooraanstaandes nie, soos ek gisteraand gesê het; hulle soen die babas, en trou, en begrawe, ensovoorts. Maar hierdie man het uitgekom as 'n wildernisman. Wat was hy? Hy het die wildernis liefgehad. Nog iets wat hy gedoen het, hy het denominasie gehaat. Hy het gesê: "Nou, moet julle nie begin sê: 'Ons behoort *hieraan* of *daaraan*' nie, want ek sê vir julle, God is in staat om uit hierdie klippe, kinders van Abraham op te wek."

181 Hy was geen toegëer nie. Hulle kon nie sê . . . Het gesê: "Het julle uitgegaan om 'n riet, wat deur die wind beweeg word, te sien? Nie Johannes nie." Nee, meneer.

182 Wat het hy ook gedoen? Net soos Elía wat vir Isébel tereggewys het, het hy vir Heródias tereggewys. Het tot by Heródus geloop, en in sy gesig gesê: "Dit is u nie geoorloof om haar te hê nie." Sy het sy kop afgekap, daaroor. Sien? Sy het Elisa probeer kry. Daardie selfde gees, wat in Isébel was, was in daardie vrou.

183 En dieselfde ding is vandag in die Isébel-kerk, dieselfde ding. Let nou daarop. Watter groot les kry ons nie hier nie!

184 En, nou, dit lyk asof daardie mense moes geweet het. Johannes begin daardie mense uittrap, en staan daar, lyk asof hulle moes geweet het dit was daardie Gees van Elisa. Hulle moes dit verstaan het. Dis wat hy was.

185 Nou, en ons vind uit, en het deur die kerkeeue, volgens die Skrif, dat ons 'n terugkeer van daardie Gees beloof is, net voor die endtyd. Is dit waar? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

186 Nou, en let op, julle sal die aard daarvan oplet. Nou, hy sal nie nog 'n kerkeeu begin, soos Luther, en Wesley, en die res van hulle almal het nie. Hy sal nie nog 'n kerk begin nie, want daar is nie nog kerkeeue wat moet begin nie. Sien? Daar sal nie nog

wees nie. So hy moet daarteen wees, want sy Gees sal net presies wees soos hulle destyds daar was, dieselfde Gees.

187 Soos ek gisteraand gesê het, dit het God behaag om Dit drie verskillende kere te gebruik. Dis Sy getal, drie, nie twee nie; drie. Het Dit reeds twee keer gebruik, nou gaan Hy Dit weer gebruik. Hy het so gesê, het dit belowe. Nou let op, hy . . .

188 Let nou op, toe Hy het. Hy gaan nie 'n denominasie begin nie, want die Laodicése Kerkeeu is die laaste eeu. En die boodskapper, van die sewende engel, wat die sewende boodskapper is, na die sewende kerkeeu, is die kêrel wat, deur die Heilige Gees, al hierdie verborge dinge gaan openbaar. Dit gaan . . . Hoeveel was gisteraand hier? Laat ons jou hand sien. Ek skat ek hoef Dit dan nie weer te lees nie. Julle weet net waar dit is, by die—die 10de hoofstuk, sien. Goed. Goed.

189 Die hervormers het gekom om die laaste gevalle kerkeeu wat hulle voorafgegaan het, te hervorm. En dan, nadat die hervormers gekom het en die—die kerkeeu hervorm het van wat dit was, en waar dit teruggegaan het in die wêreld in, dan begin hulle 'n nuwe kerkeeu. Hulle het dit altyd gedoen, altyd. Nou, ons het daardeur gegaan. Sien?

190 Met ander woorde, *hier* was 'n Katolieke kerkeeu, van die Rooms Katolieke kerk. Luther het aangekom, 'n hervormer. Hy word 'n hervormer genoem. En wat doen hy? Hy begin net daar, om daarop te hamer. En, deurdat hy dit doen, protesteer hy teen die kerk. En, voor jy weet wat, wat doen hy? Hy bou dieselfde ding wat hy gekom het om uit uit te dryf, nog 'n kerk.

191 Dan het hulle nog 'n kerkeeu. Dan, voor jy weet wat, hier kom . . . Is die kerkeeu in so 'n gemors. John Wesley kom op die toneel, nog 'n hervormer. Sien, bou nog 'n kerkeeu. Verstaan wat ek bedoel? Nog 'n kerkeeu word opgebou. Hulle is almal hervormers.

192 Let op, hierdie laaste Boodskap, van die laaste kerkeeu, is nie 'n hervormer nie. Hy is 'n profeet, nie 'n hervormer nie. Wys my waar een profeet ooit 'n kerkeeu begin het. Hy is nie 'n hervormer nie. Hy is 'n profeet.

193 Ander was hervormers, maar nie profete nie. As hulle sou wees, die Woord van die Here kom na die profeet toe. Dis waarom hulle in die doop voortgegaan het met "Vader, Seun, Heilige Gees," al hierdie ander dinge, omdat hulle hervormers was, en nie profete nie. Maar tog was hulle groot manne van God, en het die behoefte van die dag waarin hulle gelewe het, gesien. En God het hulle gesalf, en hulle daarheen uitgestuur en het daardie dinge uitmekaar uit geskeur. Maar die volle Woord van God het nooit na hulle toe gekom nie, want hulle was nie profete nie. Hulle was hervormers.

194 Maar in die laaste dae, sal dit 'n profeet moet wees, om die verborgenhede van God op te neem, om dit terug te bring,

want die verborgenhede is net deur die profete geken. So, dit sal hierdie kêrel moet wees wat kom. Sien wat ek nou bedoel?Hy kan nie 'n hervormer wees nie. Dit moet 'n profeet wees, want dit moet iemand wees wat begaafd is en daar sit, wat die Woord verstaan.

195 Nou, daardie hervormers het geweet daar is iets verkeerd. Luther het dit geweet, dat daardie brood nie die liggaam van Christus was nie. En dus het hy gepreek: "Die regverdige sal deur die geloof lewe," en dit was sy boodskap. En toe John Wesley gekom het, het hy gesien dat daar heiligmaking was, dus het hy heiligmaking gepreek. Dit was sy boodskap. Sien? Die Pinkstermense het die boodskap van die Heilige Gees ingebring, ensovoorts.

196 Maar in die laaste dae, in hierdie laaste eeu, sou die boodskapper nie enige hervorming begin nie, maar sou al die verborgenhede neem wat daardie hervormers agtergelaat het, en hulle bymekaarvat en hulle vir die mense oplos. Laat ek Dit net weer lees. Dit klink vir my so mooi! Ek—ek wil Dit graag lees.

> *. . . ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk: . . . 'n reënboog . . . oor sy hoof, en sy aangesig was . . . die son, en sy voete soos pilare van vuur:*

197 Nou, ons het dieselfde ding gesien, wat Christus was. En ons weet Christus is altyd die Boodskapper aan die Kerk. Goed. Hy word die Vuurkolom genoem, die Engel van die Verbond, ensovoorts.

> *en in sy hand het hy 'n* geopende *boekie gehad: . . .*

198 Nou, die Seëls was hier al klaar gebreek. Ons breek hulle nou. Maar, hierdie, die Ding is oop.

> *. . . en hy het sy regtervoet* op *die see gesit, en sy linker . . . op die land,*
>
> *En* hy *het . . . 'n groot stem uitgeroep, soos 'n leeu wat brul: en toe hy . . . geroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.* (Goeiste! Die volledige!)
>
> *En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek* Johannes *skrywe* (wat skrywe?) *wat hulle gesê het: maar ek het 'n stem uit die hemel* (God) *vir my hoor sê, Verseël wat die sewe donderslae gesê het, en skryf dit nie op nie.* Moet hulle nie skrywe nie. (Sien?)
>
> *En die engel wat ek op die see sien staan het . . . het sy* hande *na die hemel opgehef,*
>
> *En hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid* lewe, *wat* die hemele *geskape het, en wat* daarin *is, en die aarde en wat daarin* is, *en die see, en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie:*

199 Kyk! Moet dit nou nie vergeet, soos ons aangaan nie.

> *maar in die dae* (dae) *van die stem van die sewende engel,* . . .

200 Daardie laaste engel, aardse engel. *Hierdie* Engel het van die Hemel neergedaal. Dit was nie Hy nie; Hy het uit die Hemel gekom. Maar Hy praat hier van die stem van die sewende engel, wat 'n . . . *Engel* beteken 'n "boodskapper," almal weet dit, en die boodskapper na die kerkeeu.

> . . . *in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid* (Sewe Seëls, alles, al die verborgenheid) *van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.*

201 Die totale verborgenheid word ontvou. Dit is die bediening van daardie engel. Sien? Sal so eenvoudig wees, mense sal net daar bo-oor struikel. Maar, tog, sal dit volmaak bevestig wees. Dit sal net volmaak bekend wees. Sien? Enigeen wat dit wil sien, kan dit sien. Sien? Dis reg. Maar diegene . . .

202 Jesus het gesê, soos Hy gesê het toe Hy gekom het, het gesê: "Julle het oë, en kan nie sien nie. Jesaja het gesê julle het. Sien? En julle het ore, en julle kan nie hoor nie." Nou, so ons vind uit dat . . .

203 Dit het my laat skrik. Ek het daar omgekyk na daardie horlosie en ek het gedink dit is tienuur. Maar, dis, ek—ek het . . . Dit is nog nie eens nege-uur nie, sien. Goed. O, goeiste! Laat ons nou daarby kom. Let op. Ek hou hiervan.

204 Ander, hervormers, maar het, as groot manne van God, die behoefte van die dag gesien, en het hervorming tot stand gebring.

205 Maar Openbaring 10 het gesê sy Boodskap sou openbaar maak, nie hervorm nie; die geheime openbaar. Geheime openbaar! Dis die Woord in die man. Hebreërs 4 het gesê, dat: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, wat oopvlek tot op die been, en 'n Openbaarmaker van die geheime van die hart." Sien? Hierdie man is nie 'n hervormer nie. Hy is 'n openbaarmaker, openbaarmaker van (wat?) die verborgenhede van God. Waar die kerke Dit alles verstrengel het en alles, sou hy na vore kom met die Woord van God en die ding openbaar maak.

206 Want, hy moet "die Geloof van die kinders terugbring na die vader." Die oorspronklike Bybel Geloof moet deur die sewende engel herstel word. Nou, o, ek hou so baie hiervan! Al die verborgenhede van die Seëls, wat die hervormers nooit ten volle verstaan het nie! Sien? Nou, kyk net 'n oomblik na Maleági 4. Wel, teken dit net aan. Hy is 'n profeet, en: "bring die oorspronklike Geloof van die vaders terug." Nou soek ons na daardie persoon om op die toneel te verskyn. Hy sal so nederig

wees, dat tien miljoen maal tien miljoen sal . . . Wel, daar sal 'n klein groepie wees wat Dit sal verstaan.

207 Toe, julle onthou nou die dag, toe Johannes veronderstel was om te kom, geprofeteer, 'n boodskapper voor Christus kom: "'n stem van een roepende in die woestyn," het Maleági hom gesien. Kyk, die 3de hoofstuk van Maleági is die koms van die Elía wat sou kom en die koms van Christus voorafgaan.

208 Jy sê: "O, nee, nee, Broer Branham. Dis die 4de hoofstuk." Verskoon my.

209 Jesus het gesê dit was die 3de hoofstuk. Neem nou Sint . . . Neem jy Matthéüs, die—die 11de hoofstuk en die 6de vers, sal Hy—sal Hy dit sê. Die 11—11de hoofstuk, ek dink dis die 6de vers; 4de, 5de, of 6de, net daarrond. Hy het gesê: "As julle dit kan ontvang," toe Hy van Johannes gepraat het: "dit is hy van wie gesê is: 'Ek sal My boodskapper voor My aangesig stuur.'" Lees nou Maleági 3. Party van hulle probeer dit op Maleági 4 toepas. Nee, meneer, dis nie dit nie.

210 Let op Maleági 4, sodra daardie boodskapper uitgaan, is die wêreld heeltemal verbrand, en die regverdiges tree uit in die Millennium, op hulle as. So, julle sien, as jy dit plaas dat dit hy is daar, dan—dan het die Bybel iets gesê wat nie so is nie. Ons het tweeduisend jaar gehad, en die wêreld het nog nie uitgebrand nie, en die regverdiges lewe daarin. So dit moet in die toekoms wees. O, goeiste! [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.]

211 As jy hier in Openbaring kom, en sien wat daardie boodskapper teen die einde van hierdie eeu veronderstel is om te doen, dan sal jy sien wat dit is. Hy moet 'n profeet wees. Hy moet hierdie drade optel wat hierdie hervormers nie gesien het nie, en Dit daarin plaas.

212 Hoe kan Matthéüs 28:19 met Handelinge 2:38 vergelyk, sonder die geestelike openbaring van God? Hoe kan hierdie mense sê die dae van wonderwerke is verby, ensovoorts soos dit, en (huh!) sonder openbaring van God? Die enigste manier dat hulle dit ooit sal weet, weet of dit reg of verkeerd is! Sien? Maar hulle het deur kweekskole gekom. Ek hoop ons het tyd om daarop in te gaan.

213 Ek wil gou maak, want ek wil julle nie langer as 'n week hier hou nie, julle weet wat ek bedoel, hierdie, hierdie Seëls oopmaak. Ek het een dag, en ek wil graag gebed vir die siekes hê op daardie dag, as ek kan.

214 Nou kyk, Maleági 4, hy's 'n profeet, en "bring die oorspronklike Geloof van die vaders terug."

215 In die endtyd, wanneer die Verdrukkingsperiode kom . . . Nou hier is 'n dingetjie wat ons gaan terugvoer, vir 'n oomblik, waar die drie-en-'n-half jaar, of, Daniël se sewentig weke, die laaste helfte van Daniël se sewentig weke, wat drie-en-'n-half jaar is.

Nou, ons, hoeveel onthou dit, uit die kerkeeue? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? "Daar is sewentig weke bepaal." Kyk hoe perfek was dit. Het gesê: "Messias sal kom, en Hy sal afgesny word, as 'n offerhande, in die middel van die week, en die verpligting sal beëindig word." Dan is daar nog drie-en-'n-half jaar wat wag, vir die Messiaanse Leer aan die Jood.

216 En God handel nie met die Jood en die Heiden terselfdertyd nie. Hy handel met Israel as 'n nasie, Heiden as 'n individu. Hy het nooit die Heidene as Sy Bruid geneem nie; Hy het 'n volk uit die Heidene geneem. Sien? Nou handel Hy met Israel as 'n nasie. En daar sit sy nou, net daar nou, as 'n nasie.

217 Ek het vandag 'n brief van Paul gekry, Paul Boyd. En hy het my vertel, gesê: "Broer Branham, hoe waar is dit nie! Hierdie Jode het nogsteeds 'n snaakse gevoel teenoor die Heidene, ongeag wat gebeur het." Sekerlik, hulle sal. Hulle behoort te.

218 Wanneer Martin Luther die uitvaardiging gemaak het, dat: "Alle Jode weggejaag, en hulle geboue afgebrand behoort te word, omdat hulle antichris is." Sien? Martin Luther het daardie verklaring self gemaak, in sy geskrifte. Nou, Hitler het net vervul wat Martin Luther gesê het. Waarom het Martin Luther dit gesê? Omdat hy 'n hervormer was, nie 'n profeet nie.

219 God, dat: "My profeet het Israel geseën, hy het gesê: 'Wie ook al vir jou seën, sal geseënd wees, en wie jou vervloek, sal vervloek wees.'" Hoe kan een profeet staan en ontken wat die ander profeet gesê het? Hy kan dit nie doen nie. Dit moet in harmonie wees, sien.

220 Maar dis waarom hulle klassifiseer. . . Sien, Duitsland is veronderstel om 'n Christelike nasie te wees, en, hulle, hoe het hulle Israel nie behandel nie! Hulle dra nogsteeds 'n wrok, en jy kan hulle nie blameer nie. Maar onthou net, die Jode wat hier sit, moenie bekommerd wees nie, die dag kom! God kan hulle nooit vergeet nie. Hulle is om ons onthalwe verblind.

221 Julle weet, Hy het vir die profeet gesê, Hy. . . Die profeet het uitgeroep, gesê: "Sal U Israel vergeet?"

222 Hy het gesê: "Neem daardie maatstok; en hoe hoog is die lug? Hoe diep is die see?"

Hy het gesê: "Ek kan dit nie meet nie."

223 Het gesê: "Nooit kan Ek Israel vergeet nie." Dis Sy mense, Sy diensknegte.

224 En die Heiden, daar is net 'n paar daaruit geneem, as Sy Bruid. Dis presies reg. Dis die Bruid.

225 Nou, die sewentig weke is volmaak bepaal, soos Daniël gesê het dat Messias sou kom en afgesny sou word in die middel van die week. En Jesus het drie-en-'n-half jaar geprofeteer. Nou, in die middel van hierdie drie-en-'n-half jaar van Daniël, in die middel daarvan, is Hy afgesny. Maar nou is die laaste deel die

Verdrukkingsperiode, waar die Heidense kerk is. O, hierdie is wonderlik! Nou moenie miskyk nie. Die Bruid gaan in saam met die Bruidegom; stap dan, na die Millennium, uit op die as van die goddeloses.

226 Laat ek julle hier op iets wys, sommer terwyl ons dit net in die gedagte het. Laat ons net vir julle wys wat Dit gesê het, wat die Bybel sê. En ons kan nie ontken dat Hierdie die Woord van God is nie. As ons dit doen, dan is ons ongelowiges. Sien, ons moet Dit glo. Jy sê: "Ek verstaan Dit nie." Ek ook nie. Maar ek kyk na Hom om Dit te openbaar. Kyk.

> *Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond; dan sal al die vermeteles* (soos die Amerikaners, ensovoorts), *ja . . . almal wat goddeloosheid bedrywe, sal stoppels wees:* (Dit gaan brand.) *en die dag wat kom,* dat Ek *hulle aan die brand sal steek, sê die* HERE *van die leërskare, . . . dit vir hulle geen wortel* of *tak sal oorlaat nie.*

227 Hoe het jy dan 'n Ewige hel daarin? Sien, dis die laaste dae, wanneer hierdie dinge geopenbaar sal word. Daar is geen plek in die Bybel wat sê die hel is vir Ewig nie. Dus, om te hê . . . om in 'n Ewige hel te moet wees, sou jy Ewige Lewe moes hê om daar te bly. Daar is net een vorm van Ewige Lewe, en dis waarna ons strewe. Alles wat 'n begin gehad het, het 'n einde. "Hel is geskep vir die duiwel en sy engele," en sal verteer word en mee weggedoen word. Reg. Sien? Maar wanneer dit plaasvind: "Laat dit vir hulle geen wortel of tak oor nie."

> *Maar vir* hulle *wat my naam vrees, sal die Son van geregtigheid* opgaan, *en daar sal genesing onder sy vleuels wees; . . . julle sal uittrek,* soos *huppel soos kalwers uit die stal.*

> *En julle sal die goddelose vertrap; want hulle sal soos* as *wees onder julle voetsole op die dat wat Ek* sal *skep, sê die* HERE *van die leërskare.*

228 Waar gaan die goddelose wees na die Verdrukking? As.

> *Dink aan die* wette *van Moses . . . wat Ek . . . hom beveel het op Horeb vir die hele Israel, met die insettinge en* oordeel.

> *Kyk, Ek stuur* aan *julle die profeet Elía voordat* daardie *groot en vreeslike dag van die* HERE *aanbreek:*

229 Amen! Hier sluit die Ou Testament so af, en hier sluit die Nuwe Testament af met presies dieselfde ding. Hoe gaan jy dit weerhou? Kan nie. Kyk: "Ek sal vir julle Elía die profeet stuur voor daardie dag kom."

> *En hy sal die* harte *van die vaders terugbring tot die kinders, en die* harte *van die kinders tot* die *vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie.* (Uh!)

230 Daar het julle dit. Dis die Woord van die Here. Hy het dit belowe. Dit moet kom. En nou as julle sal oplet hoe dit gebeur. Dis pragtig, hoe God dit doen. Die Bruid gaan uit, en saam met die Bruidegom. En—en dan daarna, word die goddelose met onblusbare vuur verbrand. En na die wêreld gereinig is, reproduseer dit homself. Alles moet dit doen, moet deur ’n reinigingsproses gaan.

231 Vulkane sal uitbreek in daardie groot laaste tyd, en die wêreld sal bars, en uitbreek, en voortgaan; en al hierdie duiwelse sondepoele, en alles wat op die aarde is, sal tot niks gesmelt word. Dit sal met so ’n verterende hitte brand, dat dit soos daardie bleikmiddel sal wees wat die—die kleur van—van die ink terugstuur in sy oorspronklike skepping in. So sal die Vuur van God so warm wees, dat dit elke vuil ding weer na sy toestand toe sal terugbring, wanneer Satan en alle sonde verbrand is, en alles. En dan sal sy net so pragtig te voorskyn kom as toe sy in die tuin van Eden was. Reg. O, daardie groot uur wat net voor ons lê!

232 Gedurende die Verdrukkingsperiode. . . Hier is wat ek wil hê julle nou moet oplet, ’n dingetjie wat ek hier in laat val het. Gedurende hierdie Verdrukkingsperiode, nadat die Bruid uitgeroep is, en die kerk deur die Verdrukkingsperiode gaan, word die honderd vier-en-veertigduisend deur die twee getuies van Openbaring 11 uitgeroep. Nou kyk. Hulle sal profeteer, vir eenduisend tweehonderd-en-sestig dae, met sakke bekleed.

233 Nou, ons weet hierdie Romeinse kalender het. . . Ons kry agt-en-twintig dae en, somtyds, en dertig, en een-en-dertig. Maar, werklik, lees die kalender so, dertig dae vir elke maand. Reg. En neem ’n honderd. . . ’n duisend tweehonderd-en-sestig dae, en deel dertig daarin, en kyk wat kry jy. Drie-en-’n-half jaar, presies op die kop. Dis die tyd wat bestem is, tyd vir die Messiaanse Boodskap om aan Israel gepreek te word, soos dit destyds was. Wanneer Hy terugkom en Homself bekendmaak, in ’n simbool dat wanneer Hy kom. . .

234 Toe, Josef daar in die veld ingevat is, en verwerp is deur sy broers, omdat hy ’n geestelike man was. Hy kon visioene sien en drome uitlê. En toe hy het, is hy daar uitgeneem in die veld en is vir byna dertig silwerstukke verkoop. Hy het Christus presies uitgebeeld, want dit was Christus se Gees in hom.

235 Let op wat toe gebeur het. En let op dat, toe hy dit gedoen het, is hy in ’n tronk gesit, en een man is gered en die ander het verlore gegaan. Presies Jesus, toe Hy in die tronk was op die kruis, is een dief gered en die ander het verlore gegaan, presies.

236 Is in die graf gegooi, veronderstel om dood te wees, en is opgeneem, en het na die regterhand van Farao opgeklim, sodat niemand Farao kon sien sonder om eers vir Josef te sien nie. Jesus sit aan die regterhand van God, en niemand kan na die Vader kom nie, behalwe deur die Seun. Reg.

237 En let op elke keer as Josef weggegaan het, as Josef opgestaan het van daardie regterhand van daardie troon af. Kyk! Glorie! Daar het Josef gesit, aan die regterhand van Farao. En wanneer Josef opgestaan het, om daardie troon te verlaat, het die basuin weerklink. "Buig die knie, almal! Josef kom!"

238 Wanneer daardie Lam die Troon verlaat, oorkant, op Sy dae van middelaarswerk, wanneer Hy die Troon daarbo verlaat, en daardie Boek van Verlossing neem en na vore tree, sal elke knie buig. Daar is Hy. Let op.

239 En toe is Josef, verwerp deur sy broers, 'n Heidense vrou gegee. Potifar het vir hom gegee . . . Of, Farao het vir hom 'n—'n Heidense vrou gegee, en vir hom is Heidense kinders gebore, half Heiden en Jood. Hulle gee 'n groot simbool. Toe Jakob hulle geseën het, Efraim aan die een kant en Menasse aan die ander, het hy sy hande gekruis en vir die jonger kind die seën gegee. En die twee kinders is by die twaalf stamme gevoeg, wat op daardie tydstip net tien was, en hy het hulle in Jakob self geseën. En Josef, sy profeet-seun wat daar gestaan het, het gesê: "Vader, u het verkeerd gemaak." Het gesê: "U het 'n regterhand-seëning op die jonger kind geplaas, waar dit op die ouer een moes gegaan het."

240 En hy het gesê: "Ek weet my hande is oorkruis, maar God het hulle gekruis." Waarom? Israel, met die reg om 'n Bruid te wees, het hulle geboorteregte verwerp en verkoop, en die . . . het van die ouer seun, Israel, na die nuwe, Heidene, oorgegaan. En die seëninge het daarvandaan gegaan, deur die kruis, na die Heidene toe.

241 Maar let op daarna, sien, daaruit, toe al . . . Het hy sy bruid geneem. Maar toe daardie seuns daarnatoe gekom het om kos te koop . . .

242 O, dis so 'n pragtige prentjie! Ek is van die Seël af, maar ek moet dit net sê, sien, want julle sal die prentjie beter kry, glo ek. Let op.

243 Nou, toe hulle daar kom kos koop het, weet julle, het Josef hulle dadelik herken. En Josef was die seun van voorspoed. Ongeag waar hy gegaan het, het dit altyd voorspoedig gegaan.

244 Wag julle tot Hy weer na die aarde toe kom; wag tot ons Josef kom! Sien? "Die woestyn sal blom soos 'n roos, en die Son van Geregtigheid sal opgaan met genesing in Sy vlerke." O, goeiste! Al daardie kaktus van Arizona sal in pragtige bome ontvou, en dit—en dit sal pragtig wees.

245 Let op, hier kom hy na vore, en hy trek hulle 'n streep daar. En hy stuur, en hy sê: "Leef my vader nog?" Sien? Hy wou weet of daardie seun se vader nog gelewe het. Het gesê "Ja." Hy het geweet dit was sy broer. Maar het julle opgelet toe hy gereedgemaak het om homself aan sy broers te openbaar?

246 En hy het klein Benjamin gevind, wat gebore is nadat hy weg is. En dit stel hierdie Jode voor, hierdie honderd vier-en-veertigduisend wat nou net daar bymekaarkom nadat Hy weg is. En toe Hy teruggekeer het, het Hy gesê. . . Hy het na Benjamin gekyk; sy hart wou breek.

247 En, onthou, hulle het. . . hy. . . Hulle het nie geweet hy kon Hebreeus praat nie. Hy het 'n tolk saamgeneem. Hy het gemaak asof hy 'n Egiptenaar was. Sien? En toe, toe dit bekendgemaak is, hy wou homself bekendmaak, het hy aanhou kyk na klein Benjamin. En, onthou, hy het sy vrou weggestuur. Sy was in die paleis toe hy homself aan sy broers bekendgemaak het.

248 En die Heidense Bruid, die Vrou, nadat Jesus deur Sy Eie mense verwerp is, het Hy 'n Heidense Bruid geneem. En sal Haar hiervandaan neem, na die Paleis, na Sy Vader se Huis in Heerlikheid, vir die Bruilofsmaal. En sal weer daar terugglip, om Homself aan Sy broers bekend te maak, die honderd vier-en-veertigduisend. . . ?. . . daardie keer.

249 Daar staan hy. En, onthou, let op die perfekte simbool. En toe hy teruggekom het na waar dit was, het hy na hulle afgekyk, en hy het gesê—hy het gesê. . . het begin kyk. En hulle begin praat. Hulle het gesê: "Nou, Ruben, jy weet ons gaan dit nou kry, sien. Want, jy weet wat ons gedoen het. Ons het hierdie seun in hierdie probleem laat beland. Nou, ons moes nie ons broer verkoop het nie." Dit was hulle broer wat daar gestaan het, daardie magtige prins, en hulle het dit nie geweet nie.

250 Dis waarom Israel Hom vandag nie kan verstaan nie. Dis nog nie die uur om dit te weet nie.

251 En toe het hy, het hulle gedink hy kan nie Hebreeus verstaan nie, maar hy het staan en luister na hulle. Hulle het gesê: "Nou gaan ons dit kry." En Josef, toe hy na hulle gekyk het, kon hy dit nie langer verduur nie.

252 Nou, onthou, sy vrou en kinders was op daardie tydstip in die paleis. Die heiliges het weggegaan, uit die teenwoordigheid.

253 En hy het gesê: "Ek is Josef, julle broer." En hy het nadergehardloop en klein Benjamin gegryp, om sy nek geval, en begin huil. Sien? En hy het homself bekendgemaak.

254 En toe het hulle gesê: "Nou weet ons ons gaan dit kry, want ons het hom verkoop. Dit was ons wat hom verkoop het. Dit was ons wat hom probeer doodmaak het, nou weet ons hy sal ons doodmaak."

255 Hy het gesê: "Nee, moenie vir julleself kwaad wees nie, julle het dit net gedoen om lewe te bewaar. Dis waarom God my hiernatoe gestuur het."

256 En wanneer Hy Homself bekendmaak, het die Bybel gesê. . . soos ons daarby uitkom. Wanneer Hy Homself daar bekendmaak aan daardie honderd vier-en-veertigduisend, die klein Benjamin

van vandag, en die oorblyfsel van daardie Jode wat daar nog oor is; wanneer Hy Homself bekendmaak, sal hulle sê: "Waar het U daardie littekens gekry? Wat maak hulle in U hand?"

257 Hy sal sê: "O, Ek het hulle in die huis van My vriende gekry." Sien? O, dan sal hulle besef dat hulle die Messias doodgemaak het. Maar wat sal Hy sê? Dieselfde as wat Josef het. "Julle het dit gedoen om lewe te dien; moenie . . . lewe te red. Moenie vir julleself kwaad wees nie." Want, daarom, die Heidene sou nie ingebring gewees het, as die Jode nie daardie geblinddoekte ding aangevang het nie. So, Hy het die lewe van die Kerk gered, deur die dinge wat hulle gedoen het. So daar het julle dit. Dis waarom hulle Dit vandag nie kan verstaan nie; dit is nie die uur nie.

258 Net so min sou ons die dinge kon verstaan totdat die tyd kom dat Dit verstaan moet word. O, goeiste! Sewe Donderslae, van Openbaring, mag Hy die Bruid wys hoe om gereed te maak vir die groot verplasingsgeloof!

259 Nou laat ons gou maak, want ons het omtrent nog net vyftien, twintig minute oor.

260 Nou, wat beteken hierdie wit perd? Kom ek lees die . . . Ek was so ver weg; verskoon my dat ek van my onderwerp afgedwaal het. Maar, maar ek sal die vers weer lees, die twee verse.

> *En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopgemaak* het*; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die geluid van 'n donderslag, Kom . . . kyk.*
>
> *En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd: . . .*

261 Nou gaan ons na die 2de vers.

> *. . . 'n wit perd: en hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan* hom *is 'n kroon gegee,* (hy het dit toe nie gehad nie)*, . . . aan hom: en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar, en om te oorwin.*

262 Dis al wat daar is. Dis die Seël. Nou laat ons die simbole vind.

263 Ons het gevind wat die Donderslag beteken. Dis perfek, ons weet dit, sien. Die Donderslag was die Stem van God, toe die Seël oopgegaan het.

264 Nou, wat beteken die wit perd? Nou, dis hier waar die openbaring kom. Ek is net so positief hieroor, as dat ek hier staan, in die wete dat dit die Woord is.

265 Ek het elke boek daaroor gelees wat ek kon kry. En met 'n . . . Ek . . . Die vorige keer dat ek probeer—probeer het om daardeur te gaan, dit net te verkondig, omtrent dertig jaar gelede, het ek die boek gevat . . . Iemand het vir my gesê dat die Adventiste meer lig op die tweede Koms van Christus gehad het as enige mense waarvan hulle geweet het, dus het ek 'n paar van hulle

goeie boeke gekry, om dit te lees. Ek het Smith se boek oor Daniël gekry, van openbaringe. En hy het gesê die wit perd wat uitgegaan het, was wit, en dit het 'n oorwinnaar voorgestel. En in hierdie oorwinning . . . Baie van julle Adventiste-broers hier ken die boek, en baie van julle ander, ook, deur dit te lees. En—en ander, ek het twee of drie gelees. Ek het gelees, en ek kan nie noem . . . Daar is nog twee boeke wat ek gelees het, en albei manne stem saam dat dit reg is. [Broer Branham klop vyf keer op die preekstoel—Red.] Dit was goeie leraars, veronderstel om sommige van die bestes te wees, met die beste lig. So ek het gedink: "Wel, as ek nie weet nie, sal ek net sê wat hulle gesê het, dit so probeer leer."

266 Hulle gee 'n baie goeie verduideliking daarvan, wat dit regtig beteken het. En hulle het gesê: "Nou, hier is 'n wit perd, en 'n wit perd is 'n krag, 'n strydros." En het gesê: "Die man wat daarop sit, was die—die wit perd, was die Heilige Gees wat uitgegaan het in die vroeë eeu en daardie eeu vir die Koninkryk van God oorwin het. Hy het 'n boog in sy hand gehad, wat beteken het, soos Cupido, het hy die pyle van liefde in die harte van die mense ingeskiet, die liefde van God, en hy het oorwin."

267 Nou, dit klink baie goed, maar dit is nie die Waarheid nie. Nee, meneer. Ja. Dit was nie. Wit beteken wel regverdig. Ons—ons besef dit. Die wit beteken regverdig. Die leraars het dit geleer, dat dit die Heilige Gees is wat in die eerste eeu oorwin het; maar my openbaring, deur die Heilige Gees, is nie so nie.

268 My openbaring, deur die Heilige Gees, is: Christus en die Heilige Gees is een en dieselfde Persoon, net in 'n ander vorm. *So, hier* staan Christus, die Lam. Ons weet Hy was die Lam. Hy het *hier* gestaan met die Boeke in Sy Hand; en *daar* gaan die ruiter op die wit perd, sien, so dit was nie die Heilige Gees nie.

269 Nou, dit is een van die verborgenhede van die laaste dae, hoedat Christus die drie persone in Een kan wees. Dit is nie drie verskillende persone, Vader, Seun, en Heilige Gees, synde drie Gode, soos die drie-eniges ons probeer vertel Dit is nie. Dis drie, dis drie manifestasies van dieselfde Persoon. Of, jy sou dit drie ampte kon noem. As jy met predikers praat, sou jy nie amp gebruik nie; want, reg, ek het daaraan gedink, ek is op band. So ek sal vir julle sê . . . Natuurlik, Christus kon nie sê: "Ek sal tot My amp bid, en Hy sal vir julle 'n ander amp stuur," nie. Ons weet dit. Maar as jy dit wil maak . . . Dis drie eienskappe van dieselfde God. Sien? Dis nie drie Gode nie. Drie eienskappe van dieselfde God! Sien?

270 En so hoe kon Christus *daar* buite wees, die wit perd, wat oorwin, en *hier* staan met 'n Boek in Sy hand? Dit is egter nie. Dit is nie Christus nie.

271 Let op, nou, die Heilige Gees (in die openbaring) en Christus, dis, die Heilige Gees is Christus in 'n ander vorm. Reg.

272 Let op, dit is die Lam wat die Boeke oopgemaak het, en die Lam is Christus. En Christus word dan nie meer gesien, van daar af nie, maar Hy word gesien in die Boek van Openbaring, die 19de hoofstuk, komende op 'n wit perd.

273 As julle dit graag wil lees, kom ons blaai na Openbaring 19:11, ses-. . . En dit nou net gou-gou lees terwyl ons—terwyl ons. . . Ons het genoeg tyd, hoop ek, so dit sal dit net 'n bietjie beter vir ons maak. 19, 19:11, vanaf die 11de vers, en lees aan, tot en met die 16de.

> *Toe het ek die hemel geopend gesien, . . . daar was 'n wit perd* (nie op die aarde nie; in die Hemel, sien) *en Hy wat* op *hom sit, word genoem Getrou . . . Waaragtig, . . .* Hy oordeel *en voer oorlog in* geregtigheid.
>
> *En sy oë was . . . 'n* vuurvlamme, *en op sy hoof* was *baie krone,* (kyk na die sierlike kroon!)*; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand* geken het *nie, behalwe . . . Hyself.*

274 Ek wens ek kon net 'n oomblik daarby stilstaan. [Broer Branham klop een keer op die preekstoel, en wag—Red.] O, goeiste! Ek het baie lus, maar. . . Miskien kan ek, as julle. . . [Gemeente sê: "Gaan voort!"]

275 Sien, niemand weet Dit nie. Het julle ooit geweet die Naam van "Jehova" nie korrek is nie? Enigiemand weet. Dr. Vayle, u weet dis waar. Die vertalers kon Dit nooit vertaal nie. Dit word gespel J-u-h-v. . . J-v-h-u, bedoel ek. Dit is nie "Jehova" nie. Hulle kon die Daaraan raak nie. Hulle weet nie wat Dit is nie. Het Dit "Jehova" genoem, maar dit was nie Sy Naam nie.

276 Kyk, elke keer as 'n oorwinning behaal is, of iets gaan aan, word 'n naam verander.

277 Kyk na die dae van Abraham. Hy was, eers, Abram, en kon nooit daardie baba hê, totdat sy naam verander is na Abraham nie. En Sarai, S-a-r-a-i, kon niks behalwe 'n dooie skoot hê, totdat haar naam verander is na S-a-r-a nie.

278 *Jakob* beteken "onderkruiper, bedrieër," en dis wat hy gedoen het. Hy het skaapwol op homself gesit, en sy profeet-vader bedrieg, om die geboorteregte af te vat. Hy het populierlatte in die water gesit, hulle gespikkeld gemaak, die vee skrikgemaak wanneer hulle swanger was met die. . . met hulle kleintjies, om gespikkelde beeste en skape te maak. Niks anders as 'n bedrieër nie!

279 Maar een nag het hy Iets egs beetgekry, en hy het geweet Dit was eg. En hy het Daarby gebly, en vasgehou totdat hy oorwin het. En sy naam is verander, en is *Israel* genoem, wat beteken: "'n prins met mag voor God."

280 Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Elke oorwinnaar!

281 Simon was 'n visserman. Maar toe sy geloof gevestig is en geweet het dit is Jesus, toe Hy vir hom gesê het Hy is die Messias, en vir hom gesê het wat sy naam was en wat sy vader se naam was, was hy oorkom, en het van Simon na Petrus verander.

282 Saul, goeie naam. Saul, was eens op 'n tyd 'n koning in Israel, maar hy, 'n *Saul*, het nie 'n apostel gepas nie. Mag in orde wees vir 'n koning, maar nie vir 'n apostel nie. So Jesus het sy naam verander (van wat?) van Saul na Paulus.

Kyk na: "Die seuns van die donder," en daarvandaan.

283 En Jesus, Sy Naam op aarde was "Verlosser," Jesus. Toe Hy op aarde was, was Hy die Verlosser, dis waar. Maar toe Hy die dood en die hel oorwin het, en hulle oorkom het, en opgevaar het Omhoog, het Hy 'n nuwe Naam ontvang. Dis waarom jy skree soos hulle maak, en hulle niks kry nie.

284 Dit sal in die Donderslae geopenbaar word. Uh-huh. Sien? Let op die verborgenhede. Hy kom, ry . . . Daar moet Iets wees om hierdie Kerk te verander. Julle weet dit. Daar moet Iets wees. Let op: "Niemand ken, behalwe Hyself nie." Nou, let op: "Niemand ken, behalwe Hyself nie."

> *En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was: en sy Naam* was *genoem Die Woord van God.*

O, goeiste! Let op!

> *En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.*
>
> *En uit sy mond* gaan *daar 'n skerp swaard, om die nasies daarmee te slaan: en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer: en Hy* trap *die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van* die *toorn van God, die Almagtige.*
>
> *En Hy* het *op sy kleed en op sy heup 'n naam gedra wat geskrywe is, DIE KONING VAN DIE KONINGS EN DIE HERE VAN DIE HERE.*

285 Daar kom die Messias. *Daar* is Hy; nie hierdie kêrel op hierdie perd *hier* nie. Let op die verskil. Hier staan Hy met die Boek in Sy hand, *hier*, die verlossingswerk is net . . . Hy het nog nie Sy plek ingeneem nie. So, dit was nie die Christus wat uitgegaan het, die Heilige Gees nie.

286 Verskil nie van daardie groot manne nie. Nee, meneer, ek doen dit nie. Ek sou dit nie wou doen nie, maar hierdie is wat—wat my openbaring Daarvan is. Sien? As jy iets anders het, wel, dis goed, maar dis nie reg vir my nie. Julle sien, ek—ek glo dit soos hierdie. Sien, nou, julle weet wat. Sien?

287 En, let op, Christus word nie meer gesien nie, sien, van daardie tyd af. Maar Hy is op 'n wit perd. So as hierdie kêrel 'n wit perd ry, is hy net 'n nabootser van Christus. Sien? Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

288 Let op, die ruiter op die wit perd het nie ’n naam nie. Hy mag twee of drie titels gebruik, sien, maar hy het nie ’n naam nie.

289 Maar Christus het ’n Naam! Wat is dit? Die Woord van God. Dis wat dit is. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord, vlees geword.” Sien? Die ruiter het geen naam nie, maar Christus word genoem “Die Woord van God.” Dis wat Hy is. Hy word dit genoem. Nou het Hy ’n Naam wat niemand ken nie; maar Hy word genoem “Die Woord van God.”

Hierdie kêrel word niks genoem nie, sien, maar hy is op ’n wit perd.

290 Die ruiter het geen pyle vir sy boog nie. Het julle opgelet? Hy het ’n boog gehad, maar daar word niks gesê van enige pyle wat hy het nie, so hy moet ’n bluffer wees. Reg. Miskien het hy baie donderslae, en geen weerlig nie. Maar julle vind uit, Christus het beide weerlig en donderslae gehad, want uit Sy mond gaan ’n skerp tweesnydende Swaard, en Hy slaan die nasies Daarmee. Hierdie kêrel kan niks slaan nie, sien, maar hy speel die rol van ’n skynheilige. Hy gaan uit, op ’n wit perd, gaan uit om te oorwin.

291 Christus het ’n skerp Swaard, en, kyk, Dit kom uit Sy mond. Die lewende Woord, dit is, Woord van God, geopenbaar aan Sy diensknegte. Soos Hy vir Moses gesê het: “Gaan staan daar, en hou daardie staf daar uit; roep om vlieë,” en daar was vlieë. Sekerlik. Wat hy ook al gesê het, dit het Hy gedoen; en dit het so gebeur, Sy lewende Woord. God en Sy Woord is een en dieselfde Persoon. God is die Woord.

292 Wie is hierdie geheimsinnige ruiter van die eerste kerkeeu dan? Wie is hy? Kom ons dink daaroor. Wie is hierdie geheimsinnige ruiter wat in die eerste kerkeeu uitgaan en reguit voortry tot in die Ewigheid, tot by die einde gaan?

293 Die Tweede Seël kom na vore en gaan reguit aan na die einde. Die Derde Seël kom na vore en gaan reguit aan na die einde. Vierde, Vyfde, Sesde, Sewende, elkeen van hulle, beland hier reg aan die einde. En in die endtyd, word hierdie Boeke wat hierdie hele tyd opgerol was, met hierdie verborgenhede in hulle, word Dit gebreek. Dan kom die verborgenhede uit, om te sien wat dit is. Maar, in werklikheid, het hulle in die eerste kerkeeu begin kom, want die kerk, eerste kerkeeu, het die Boodskap So ontvang. [Broer Branham klop drie keer op die preekstoel—Red.]

294 “’n Ruiter op ’n wit perd het uitgegaan.” Sien? Wie is hy? Hy is magtig in sy oorwinningskrag. Hy is ’n grootmeneer in sy oorwinningskrag. Wil julle hê ek moet vir julle sê wie hy is? Hy is die antichris. Presies wat hy is. Nou, want, julle sien, as ’n antichris; Jesus het gesê, dat: “Die twee sal so na aan mekaar wees dat dit selfs die Uitverkorenes (die Bruid) sou mislei, as dit moontlik was.” Antichris, dis die antichris gees.

295 Onthou, in die kerkeeue, toe ons destyds die eerste kerkeeu oopgemaak het, het ons uitgevind dat die Heilige Gees teen 'n sekere ding was waarmee hulle in daardie kerkeeu begin het, en dit is genoem: "die dade van die Nikolaïete." Onthou julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] *Nikao* beteken "om te oorwin." *Laïete* beteken "die kerk," die lekedom. *Niko-laïeties*: "om die lekedom te oorwin." "Neem die Heilige Gees uit die kerk uit en gee Dit alles aan een heilige man. Laat hom die baas wees oor dit alles." Julle het daardeur gegaan, sien, Nikolaïeties. Let op, Nikolaïeties was "'n—'n gesegde," in een kerk. Dit het "'n leerstelling" geword in die volgende kerkeeu geword. En in die derde kerkeeu, was dit "'n dwang," en het hulle die Nicaea Raad gehad. En dit is toe 'n—'n leerstelling gemaak in 'n kerk. En wat was die eerste ding wat gebeur het? 'n Organisasie daaruit! Nou, is dit reg? ["Amen."]

296 Sê vir my waar het die eerste georganiseerde kerk vandaan gekom. Rooms Katolieke kerk! Sê vir my of Openbaring nie sê, in die Boek van Openbaring 17, dat: "Sy 'n hoer was, en haar dogters was hoere," nie. Dis dieselfde ding wat saam met haar georganiseer het: "hoere." "Neem die afskuwelikheid, vuilheid van hulle ontugtigheid, as leerstellings." "Leer as Leerstellings die gebooie van mense." Let op.

297 Kyk, hy gaan uit om te oorwin. Let op, hy het geen kroon nie. Die ruiter op die wit perd, waarvan ek hier praat. Sien? "'n Boog; en 'n kroon is hom, later, gegee." Sien? Hy het nie 'n kroon gehad, aanvanklik nie, maar 'n kroon is aan hom gegee. Let op, later is hy 'n kroon gegee, ja, drie van hulle, drie op een. Dit was driehonderd jaar later, by die Nicaea Raad. Toe hy begin het, 'n gees van die Nikolaïete, om 'n organisasie onder die mense te vorm. En toe het dit aangehou, voortgegaan, voortgegaan, "'n gesegde" geword, toe het dit "'n leerstelling" geword.

298 Julle onthou, Christus wat daar met die kerk praat, het gesê: "Jy haat die werke van hierdie Nikolaïete, wat Ek ook haat." Probeer oorwin, neem die Heilige Gees net een heilige man; hy kan al die sondes vergewe en alles.

299 En ons het dit so pas net daar gelees, waar Paulus daarvan gepraat het. Daardie ding sou in die laaste dae sit. En hy kon nie geopenbaar word voor die laaste dae nie. "Dan sal Hy wat teëhou, die Gees van God daaruit neem; en dan sal hy homself openbaar."

300 Vandag is hy onder die vermomming van 'n wit perd. Kyk hoe hy verander van daardie wit perd, binne 'n paar minute. Hy word nie net 'n wit perd nie; hy word 'n dier met baie koppe en horings. Sien? Sien? Die wit perd, hy's nou 'n bedrieër, en dis waarom die mense dit al hierdie tyd nooit geweet het nie. Hulle het dit gedink. Maar hier is dit nou, dit gaan deur die Skrif geopenbaar word. Let op.

301 Wanneer die Nikolaïete, sien, antichris, finaal is, is hy beliggaam in 'n man, dan word hy gekroon. Wanneer hy begin, as 'n Nikolaïetiese gees in die kerk, is hy 'n gees. Jy kan nie 'n gees kroon nie. Maar driehonderd jaar later, het hy 'n pous geword, en toe het hulle hom gekroon. Hy het, aanvanklik, nie 'n kroon gehad nie. Maar hy het, later, 'n kroon gekry, sien, toe daardie gees beliggaam is. Sien? Hy het 'n mens geword. Nikolaïetiese leerstelling het 'n mens geword, toe kon hulle hom kroon. Hulle kon dit nie doen nie, want, hy was net 'n leerstelling.

302 Glorie! Let op! En wanneer hierdie Heilige Gees wat ons het, vir ons beliggaam word, die Een wat nou in ons midde is in die vorm van die Heilige Gees, vir ons beliggaam word, in die Persoon van Jesus Christus, sal ons Hom kroon as Koning van die konings. Dis reg. Sien?

303 Nou, onthou, omtrent die tyd dat Christus op die Troon kom, kom die antichris op die troon, Judas. Omtrent die tyd dat Christus van die aarde af weggegaan het, het Judas van die aarde af weggegaan. Net omtrent toe die Heilige Gees teruggekom het, het die antichris teruggekom.

304 Julle weet, Johannes het hier gesê: "Klein kindertjies, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees, julle weet, oor die antichris, wat alreeds gekom het en werksaam is in die kinders van ongehoorsaamheid nie." Die antichris dan, daar was hy, het die Nikolaïetiese gees daarbinne begin vorm, om 'n organisasie te vorm.

305 Geen wonder ek het daardie ding gehaat nie! Sien? Sien? Daar het julle dit. Dit was nie ek nie; dit was Iets hierbinne. Daar is die ding. Dit het uitgekom. Sien julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En ek het al daaromheen gehou. Ek kon dit, tot nou toe, nie sien nie. En nou weet ek dit. Daar is dit. Daardie Nikolaïetiese gees, het God gehaat.

306 En nou het daardie gees beliggaam geraak, en hulle het dit gekroon. En hier is dit net hier, wat die Bybel gesê het hulle daarmee sou doen. Dis perfek. O, goeiste! Beliggaam! Hy het 'n mens geword, en toe het hulle hom gekroon.

307 Lees, let op! Of, lees, liewer, hoe Daniël sê dat hy die kerk-koninkryk sou oorneem. Wil julle dit graag lees? [Die gemeente: "Amen."—Red.] Ons het tyd om dit te doen, het ons nie? ["Amen."] Goed. Luister. Kom ons gaan, net 'n oomblik, terug na Daniël. Blaai terug na die Boek van Daniël, en ons sal net 'n oomblik lees. En ons sal nie nog miskien vyftien, twintig minute, of dertig, of so-iets besig wees nie. Goed? ["Amen."]

308 Kom ons kry vir Daniël, die 11de hoofstuk, en kom ons vat die 21ste vers. Hier is Daniël, Daniël wat nou praat oor hoe hierdie kêrel gaan oorneem.

Daarna sal 'n veragtelike in sy plek *optree,* (Rome, praat daarvan) *op wie geen koninklike waardigheid gelê*

was nie: (kyk nou) *maar hy sal kom* in vrede. . . *kom in* vrede, *en met liste die koninkryk bemagtig.*

309 Presies wat dit gedoen het! Dis wat Daniël gesê het hierdie antichris sou doen. Hy sal die mense se plek inneem. Ja, dit sal inpas by hulle—hulle spyskaart vir hierdie dag, vir die kerke. Want, in hierdie kerkeeu, wil hulle nie die Woord, Christus, hê nie, maar hulle wil kerk hê. Die eerste ding, hulle vra jou nie of jy 'n Christen is nie. "Aan watter kerk behoort jy? Watter kerk?" Hulle wil nie Christus, die Woord, hê nie. Gaan vertel jy vir hulle van die Woord en hoe om reg te ruk, Dit wil hulle nie hê nie. Hulle wil iets hê, net lewe soos hulle wil, en steeds aan die kerk behoort en hulle getuienis bekom. Sien? Sien? So, hy pas net presies op die spyskaart in. En, onthou, hy is uiteindelik "sy" genoem, in die Bybel, en sy was 'n prostituut en het dogters gehad. Voldoen net aan die eis van die dag, wat die mense wil hê. Daar is dit.

310 God het dit belowe. Wanneer die Woord geweier word, dan word hulle na hulle begeertes gerig. Kom ons lees weer Tessalonicense. Laat. . . Ek wil hê julle moet net 'n oomblik hier kyk. Ja, wel, ons het dit, 'n rukkie terug, gelees. Twee Tessalonicense 2:9-11. Dit het gesê hulle sou. "Omdat hulle die liefde tot die Waarheid nie aangeneem het nie, daarom sal hulle aan die krag van die dwaling oorgegee word, om die leuen te glo, om daardeur geoordeel te word." Nou dis wat—dis wat die Heilige Gees gesê het.

311 Nou, is dit nie die begeerte van die kerk vandag nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sê jy vir mense hulle moet *dit, dat* of die *ander* doen, en hulle sal baie gou vir jou laat verstaan hulle is Metodis, Presbiteriaan, of wat ook al, hulle "hoef nie in jou skuitjie te roei nie." Sien? Sekerlik. Hulle wil dit hê.

312 En God het gesê: "As hulle dit wil hê, sal Ek dit net vir hulle gee. En Ek sal hulle inderdaad laat glo dat dit die Waarheid is, want Ek sal vir hulle 'n verdorwe verstand gee, wat die Waarheid betref." Nou kyk hier wat die Bybel ook sê: "Soos Jannes en Jambres Moses weerstaan het, so sal hierdie kêrels in die laaste dae, met 'n verdorwe verstand wat die Waarheid betref; en sal die genade van onse God in ongebondenheid verander, die Here God ontken."

313 Nou sien julle waarby dit gekom het; nie net Katoliek nie, maar Protestant. Dis die hele ding. Dis die hele georganiseerde wêreld. Dis daardie ruiter op die wit perd, onder die—die dekmantel van—van 'n—'n—'n (wit) regverdigheid, kerk, sien, maar 'n antichris. Dit moet eenders lyk. Selfs op 'n perd, net soos Christus op 'n perd kom. Sien? O, anti, so naby dit sou selfs die Uitverkorenes mislei! En hier is hy. Hy is die antichris.

314 Hy het begin ry in die eerste kerkeeu. Nou ry hy voort, voort deur elke eeu. Nou hou hom dop. Julle sê: "Lank gelede, lank gelede in die apostels se tyd?" Daar is hy "Nikolaïeties" genoem.

Toe, die volgende kerkeeu, toe het hy "'n leerstelling" geword in die kerk. Eers was hy net "'n gesegde," toe het hy "'n leerstelling" geword.

315 Vername, hoogwaardigheidsbekleërs, welgekleed, hoogs opgevoed, afgerond, wou nie al daardie aanganery in die kerk hê nie. Nee, hulle: "Wou nie al daardie Heilige Gees-goed hê nie. Moet 'n kerk wees! En ons sal almal deur die Nicaea Raad gaan, ensovoorts, by Rome." Toe, toe hulle daar kom, het hulle die kerk gevat, en heidendom, Rooms Katolisis-. . . of heidendom, heidense Rome, en 'n paar bygelowe, aangeneem. En het die—die Astarte: "die koningin van die hemel" geneem en dit verander om Maria, die moeder, te wees. Middelaars gemaak uit dooie mense, ensovoorts. En daardie ronde kosjer broodjie gevat, wat dit nogsteeds daarrond plaas, en dit die liggaam van Christus genoem: "want dit verteenwoordig die moeder van die hemel." En die Katoliek gaan verby, en maak die kruis oor homself. Want, die ligte wat daarbinne brand, is veronderstel om die kosjer te wees, wat dit verander in God, deur die krag van die priester. Wanneer dit niks ter wêreld is, maar net blote heidendom nie. Sien? Dis reg.

316 Ek verstaan net nie. Wel, ja, ek verstaan. Ja, ek verstaan. Ja, meneer! Ek verstaan dit, deur God se genade. Beslis.

317 Nou let op. O, goeiste, hoe hulle dit kan doen! Sien? En hulle word hulle begeertes gegee. Nee, dis waar, jy hoef Dit nie te doen nie. Nee, meneer. As jy Dit nie wil doen nie, word jy nie gedwing om Dit te doen nie. As jy nie wil voldoen aan God se manier van lewe en dinge, en aanbidding nie, hoef jy Dit nie te doen nie. God dwing niemand om Dit doen nie.

318 Maar laat ek jou iets vertel. As jou naam geplaas is op daardie Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld, sal jy so gretig wees om Dit te doen, jy kan nie wag vir die oomblik om Dit te doen nie.

319 Kyk hier. Jy sê: "Ek wil jou laat verstaan, ek is net so godsdienstig!" Wel, dit mag waar wees.

320 Kyk, wie kan sê daardie priesters was nie godsdienstig, in die dae van die Here Jesus nie? Wie kan sê Israel was nie godsdienstig, in die woestyn nie? Toe hulle selfs . . .

"Wel, God het my al soveel keer geseën!"

321 Ja, Hy het hulle ook. Hulle hoef nie eens vir 'n lewe te gewerk het nie. Hy het hulle uit die hemel gevoed. En Jesus het gesê: "Hulle is, elkeen, verlore en weg en het vergaan."

322 "Ons vaders," het hulle gesê: "het manna geëet in die woestyn, vir veertig jaar."

323 Jesus het gesê: "En hulle is, almal, dood, vir Ewig geskei." Sien? Hy het gesê: "Maar Ek is die Brood van die Lewe wat kom

van God uit die Hemel. As ’n mens hierdie Brood eet, sal hy nooit sterf nie.” Sien? Hy’s die Boom van die Lewe.

324 Kyk net hoe en toe Jesus gekom het. Daardie priesters, hulle het baie godsdienstig, daar aangekom. Jong, niemand kon sê hulle is nie gawe kêrels nie. Goeiste! Hulle het gewandel volgens die letter van daardie wet. Alles wat daardie kerk gesê het, het hulle gedoen. As hulle nie het nie, is hulle gestenig. En so het Hy uitgestap . . . Weet julle wat Jesus hulle genoem het? Johannes het hulle genoem: “Julle klomp slange in die gras! Moenie dink omdat julle aan daardie organisasie behoort, het julle enigiets met God te doen nie.” En Jesus het gesê: “Julle is van julle vader, die duiwel.” Het gesê: “Elke keer wat God ’n profeet gestuur het, wat het gebeur? Julle het hom gestenig en hom in die graf gegooi. En nou gaan julle soontoe, en vryf sy graf blink.”

325 Is dit nie dieselfde ding wat daardie Katolieke kerk gedoen het nie? Kyk na Johanna van Arkel en Sint Patrick, en al die res van hulle. Hulle is die een wat hulle daar insit. En toe Johanna van Arkel se liggaam opgegrawe, en dit in die rivier gegooi, ’n paar honderd jaar later. En het haar as ’n heks verbrand.

326 “Julle is van julle vader, die duiwel, en sy werke doen julle.” Dis presies. Dit sal dwarsoor die wêreld gaan. Sien? Reg! Dis wat Jesus gesê het.

327 En julle dink dis in die haak, lyk heel goed, daardie wit perd. Maar kyk wat het jy. Dis presies wat daarop ry. Nou, maar Hy het gesê hulle wou dit hê, so Hy sou vir hulle ’n sterk dwaling stuur.

328 Onthou, hierdie prostituut van Openbaring 17, sy was die verborgenheid: “VERBORGENHEID, BABILON, DIE MOEDER VAN DIE HOERE.” En Johannes het haar bewonder. Net soos hierdie man . . . Kyk, wag, ons kom hier en kyk na hom wat hierdie perd hier dophou. Sien? Maar julle het opgelet dit was . . . Wat gebeur het, was dit, dat: “Hy het haar met groot bewondering bejeën.” Maar die verborgenheid was, dat: “sy die bloed van die martelare van Christus gedrink het.” ’n Pragtige kerk het daar gesit, getooi in purper en goud: “En sy het in haar hand ’n beker gehad, van die onreinheid van haar hoerery.”

329 Wat is hoerery? Is ongeregtig lewe. Dis haar leerstelling wat sy uitgegee het. Die Woord van God geneem en Dit sonder uitwerking gemaak, deur ’n paar “Ave Maria’s,” en al hierdie ander soort goed, en dit uitgegee. “En die konings van die aarde het met haar gehoereer.”

“Wel,” jy sê: “dis die Katolieke kerk.”

330 Maar sy was “die moeder van die hoere,” sien, dieselfde ding as wat sy was. Daar het julle dit.

331 Wat het gebeur? Toe die hervormer dood is en sy boodskap uitgesterf het, het julle ont- . . . Julle het dit georganiseer, en ’n klomp “Rickys” daarin gesit, en die ding begin omkeer om te

lewe soos julle wil. Julle wou nie by die Woord bly nie. In plaas van net voort te beweeg met die Woord, het hulle net daar gebly: "*Dit* is Dit." Huh! Jy maak nie so nie.

Hy, dit is Dit, sien, Hy Daarbo!

332 Let op, dis een ding. Ons wil net nog 'n paar plekke aanraak voor ons afsluit.

333 Hy is die prins wat vernietig is; Daniël se mense. Glo julle dit? Nou ek gaan hierdie maak, as julle net sal help en geduldig sal wees met my vir 'n paar minute. Ek—ek sal net so gou maak soos ek kan. Maar ek wil dit bevestig, want ek . . . die Heilige Gees het Dit vir my gegee, net so seker as wat ek hier staan. Sien? Sien?

334 Nou kyk, laat ons neem, weer na Daniël toe teruggaan, net 'n oomblik. Ek wil vir julle iets lees, wat . . . As jy nie teruggaan nie, is dit goed. Ek wil Daniël 9 lees, Daniël 9. En ek wil die 26ste en 27ste verse van Daniël 9 lees. En, hou dop, as hy die een is wat Daniël se mense gaan vernietig, wat hy gaan doen.

> *En na die twee-en-sestig sewetalle sal Messias uitgeroei word, . . .*

335 Sien, dis die twee-en-sestig weke waarna Hy afgesny sal word, uit die sewentig weke.

> . . . *maar sonder iets vir Hom;* maar vir *die volk* en *die prins* (dis die hiërargie hier) *wat sal kom* (wat *sal* kom) *sal die stad en . . . heiligdom verwoes; en sy einde sal met 'n* groot *oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings*.

336 Ek wil julle mense iets vra. Nadat Christus afgesny is van die aarde, in die drie-en-'n-half jaar van Sy bediening, en wat het die tempel verwoes? Wie het dit verwoes? Rome! Sekerlik. Konstantyn of, nee, verskoon my, Titus, die Romeinse generaal, hy het die prins verwoes. Nou let op.

Kyk hierna, kêrels. Kom reg tot daar, hierdie muur.

337 Toe Jesus gebore is, het die rooi draak in die hemel by die vrou gestaan, om haar Kind te verslind sodra Hy gebore word. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wie was dit, wat die Kind probeer verslind het toe Hy gebore is? ["Rome."] Rome. Sien? Daar is die rooi draak. Hier is jou prins. Hier is jou dier. Sien? Daar is hulle, elkeen van hulle, net dieselfde, sien, "verslind die Kind." God het Dit in die Hemel opgeroep en gesit op Sy Troon. Dis waar Christus nou is tot die bestemde tyd. Sien? Nou, let op wat hy sal doen.

338 Nou, o, nou, ek dink ek het hier met iemand gepraat. Dit was dalk Broer Roberson vandag, of iemand met wie ek gepraat het, hieroor; nie oor hierdie hier nie, maar net oor dieselfde ding. Ek dink ek het nie so lank terug nie, daaroor gepreek hier, wat met hierdie Verenigde State sal gebeur, oor hierdie geldelike posisie. Sien? Wel, ons betaal nou ons skuld op belasting wat veertig jaar

van vandag af betaal sal word. Dis hoe ver ons agter is. Het julle al ooit ingeskakel daar op KAIR, of Lifeline, en daarna geluister, sien, vanuit Washington? Wel, ons is heeltemal bankrot. Dis al.

339 Wat is die probleem? Die goud is alles gestoor, en die Jode hou die verbande. Dit gaan Rome wees. Nou kyk. Ons weet wie besit die groot afdelingswinkels, maar Rome het die grootste deel van die rykdom van die wêreld. Die res daarvan het die Jode. Nou kyk hierna. Nou luister net hierna, hoe die Heilige Gees dit vir my na vore gebring het.

> *En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit:* (kyk nou) *en gedurende die helfte van die week sal hy die slagoffer en* verpligting *laat ophou, . . . op die vleuel van* gruwel *sal daar 'n verwoester wees, en wel* tot aan *die einde, en wat vas besluit is, sal oor wat woes is,* uitgestort *word.*

340 Kyk! O, watter listige ding is hy nie! Hier is hy. Nou, ons het ons prentjie en weet dat hy Rome is. Ons weet dat hy die ruiter op die wit perd is. Ons weet dat hy uitgegaan het as 'n leerstelling. En, wat het toe van heidense Rome geword? Omvorm in pouslike Rome, en gekroon.

341 Nou kyk: "In die endtyd." Nie in die vroeë dae toe Christus gepreek het nie, maar "in die endtyd," die laaste deel van die week, waar ons so pas die sewentig weke van Daniël geneem het. En Christus het vir die drie-en-'n-half jaar geprofeteer, en drie-en-'n-half jaar is nog bestem. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En hierdie prins moet in daardie tyd 'n verbond sluit met Daniël se mense, wat die Jode is.

Dis nou wanneer die Bruid weggeneem word. Sy sal dit nie sien nie.

342 Let op, in die laaste helfte van Daniël se week, maak die mense 'n verbond. Hierdie vors maak 'n verbond met Rome, maak 'n verbond met hulle, sonder twyfel vir die rykdom, want Katoliek en Jood hou die rykdom van die wêreld.

343 Ek was ín die Vatikaan. Ek het die trippelkroon gesíén. Was veronderstel om 'n onderhoud met die pous te hê; Baron Von Blomberg het dit vir my gekry, op 'n . . . vir 'n Woensdagmiddag om drie-uur.

344 En toe hulle my daar ingevat het na die koning toe, het hulle die omslae van my broek weggeneem. Dis in die haak. Vir my gesê om nooit my rug te draai, van hom af weg te loop nie. Dis in die haak.

Maar ek het gesê: "Wat moet ek voor die kêrel doen?"

345 Het gesê: "Wel, jy gaan net in en kniel neer op een knie en soen sy vinger."

346 Ek het gesê: "Dis uit. Dis uit. Nee, meneer." Ek het gesê: "Ek sal—ek sal enige mens 'n 'broer' noem wat 'n 'broer' wil wees. Ek

sal hom 'eerwaarde' noem, as hy daardie titel wil hê. Maar, om 'n mens te aanbid, dit behoort alles aan Jesus Christus." Sien? Nee. Nee, meneer. Soen geen mens se hand so nie. Nee, inderdaad. So, ek het dit nie gedoen nie.

347 Maar ek het die hele Vatikaan deurgegaan. Wel, jy sou dit nie met 'n honderd biljoen biljoen dollars kon koop nie. Wel, jy sou 'n. . . En dink net: "Die rykdom van die wêreld," het die Bybel gesê: "is in haar gevind." O, dink net aan die groot plekke, die biljoen maal. . .

348 Waarom het kommunisme ontstaan hier oorkant in Rusland? Dit maak my net naar op my maag, om soveel predikers te hoor skree oor kommunisme, en hulle weet nie eens waaroor hulle kraai nie. Dis reg. Kommunisme is niks. Dis 'n instrument in die hand van God, om wraak oor die aarde te bring, vir die bloed van die heiliges. Dis reg.

349 En na die Kerk weggeneem is, sal Rome en—en die Jode 'n verbond met mekaar sluit. Die Bybel het gesê hulle sal, met die heilige mense. En nou let op, hulle sal dit sluit omdat (hoekom?) hierdie nasie bankrot gaan wees. En die res van die wêreld wat op die goudstandaard is, is bankrot. Julle weet dit. As ons lewe uit belastings, lenings, vir veertig jaar van nou af, waar is ons?

350 Daar kan net een ding wat kan gebeur, dit is, om die geldeenheid op te sê en die verbande af te betaal. En ons kan dit nie doen nie. Wall Straat besit hulle, en Wall Straat word deur die Jode beheer. Die res daarvan is in die Vatikaan. En die Jode het die res daarvan in Wall Straat, saam met die handel van die wêreld. Ons kan dit nie opsê nie.

351 En as hulle dit kon doen, dink julle. . . Hierdie whiskey-kêrels en—en al hierdie tabak-mense, wat, biljoene maal biljoene dollars per jaar, en skryf al hulle inkomstebelasting af vir ou vulgêre prente en sulke dinge. En gaan uit daar in Arizona, en koop miljoene akkers grond op, of duisende, en sink daardie groot boorgate, teen vyftigduisend dollars, en betaal dit af met inkomstebelasting. En hulle sou jou in die tronk sit as jy nie joune betaal nie. Maar hulle skryf dit af, en rig boorgate op, en stuur stootskrapers in. En wat doen hulle? Hulle plaas behuisingsprojekte daarin, in die volgende termyn, met hulle geld wat hulle gemaak het. Hulle moet 'n belegging maak. En plaas huise, projekte, daarin, en verkoop hulle vir miljoene dollars. Dink julle daardie kêrels gaan toegee, om die geldeenheid te verander?

352 Soos hierdie kêrel hieronder in. . . Wat is sy naam? Castro gedoen het. Hy het die enigste slim ding gedoen wat hy ooit gedoen het, toe, toe hy die verbande vernietig het, hulle afbetaal en vernietig het.

353 Let op, maar ons kan dit nie doen nie. Hierdie kêrels sal dit nie toelaat nie. Die ryk handelaars van die aarde hou dit.

354 En dan is daar net een ding te doen. Die Katolieke kerk kan dit afbetaal. Sy is die enigste een wat die geld het. En sy kan dit doen, en sy sal dit doen. En met die doen daarvan, om dit te kry, sal sy met die Jode kompromiteer, om 'n verbond te sluit. En wanneer sy hierdie verbond sluit met die Jode . . . Nou, onthou, ek neem hierdie uit die Skrif. En nou, wanneer sy dit doen, en hierdie verbond sluit, let ons op, in Daniël 8:23 en 25: "hy sal handewerk laat bloei" en handewerk is *vervaardiging*, "in sy hand." En hy sluit hierdie verbond met die Jode.

355 En, in die middel van hierdie drie-en-'n-half jaar, breek hy sy verbond, sodra hy die ding afgehandel het, en die geld van die Jode vasgesit is. En wanneer hy dit doen . . . O, goeiste! O, goeiste!

356 Hy word die antichris genoem tot aan die einde van die kerkeeu, want hy is die . . . hy en sy kinders is teen Christus en die Woord. Hierdie man word die antichris genoem.

357 Nou, hy gaan die geld hou. En dis waar ek dink dit sal inkom. Net 'n oomblik, as ek dit sê, dan wil ek daarnatoe teruggaan oor 'n rukkie.

358 Hy word die antichris genoem, en sal die antichris genoem word, in God se oë, tot aan die endtyd. Nou, maar dan sal hy iets anders genoem word.

359 Nou, wanneer hy die geld alles onder beheer het: "Dan sal hy hierdie verbond met die Jode verbreek," soos Daniël hier gesê het hy sou dit doen: "in die middel van die laaste helfte van die sewentig weke," van Daniël. En wat sal hy dan doen, broer? Hy sal al die wêreldhandel en die besigheid hê, 'n verdrag met die wêreld, want hy sal die rykdom van die wêreld, volledig, hou. En gedurende daardie tyd, sal daardie twee profete op die toneel verskyn en daardie honderd vier-en-veertigduisend roep. Wat sal dan gebeur? Dan sal die merk van die dier, van Openbaring 13, begin, want hy hou al die besigheid, handel, en alles van die wêreld. En wat sal dan gebeur? Die merk van die dier sal inkom, dat: "Niemand kan koop of verkoop, behalwe hy wat die merk van die dier het nie." [Broer Branham klop drie keer op die preekstoel—Red.]

360 Dank God, die Kerk sal 'n aangename drie-en-'n-half jaar geniet in die Heerlikheid, sal nie daardeur hoef te gaan nie.

361 Nou let op, in die endtyd, aan die einde van die kerkeeue nou, word hy genoem . . . Hy en sy kinders word die antichris genoem, want enigiets wat teen Christus is, is anti-Chris. En enigiets wat teen die Woord is, is teen Christus, want Christus is die Woord. Nou hy's antichris.

362 Dan, in Openbaring 12:7-9, toe Satan uitgewerp is, die aanklaer. Julle sal dit wil neerskryf, want ek wil hê julle moet dit lees. Ons het nie nou tyd nie; dis naby, twintig of vyftien minute voor tien, sien. Maar in Openbaring 12:7-9: "Satan,"

die gees: "die duiwel," wat nou daarbo is: "aanklaer van ons broeders." Goed.

363 Die Kerk word opgeneem, en Satan word uitgewerp. Wanneer die Kerk opgaan, kom Satan af, dan inkarneer Satan homself in die antichris en word "die dier" genoem. Dan, Openbaring 13, stel hy die merk in. Sien?

364 "Wanneer Hy wat teëhou," slegs nou, word Christendom in sy suiwerheid op die aarde gelaat, is vanweë, "Hom wat teëhou."

365 Onthou vroeër hier in Tessalonicense: "Sit in die tempel van God, noem homself God, vergewe sondes op aarde." En dit sal aangaan: "en ongeregtigheid sal seëvier," en so aan. Want, dit sal nog nie bekend wees nie, totdat sy tyd, om geopenbaar te word, aanbreek.

366 En dan sal die Kerk weggeraap word. En wanneer Dit weggeraap is, dan verander hy homself nou vanaf 'n antichris, o, goeiste: "die kerk, die groot kerk en dit," nou word hy "die dier." Uh-huh! Ek wens ek kon mense dit laat sien.

367 Nou onthou, die antichris en die dier is dieselfde gees. Daar is die drie-eenheid. Ja, meneer. Dis drie stadia van dieselfde duiwelkrag. Onthou, Nikolaïeties, sien, dit moes beliggaam word voordat dit gekroon kon word. Sien? Nou kyk hierna, drie stadia. Eerste stadium, word hy die antichris genoem; tweede stadium, word hy die valse profeet genoem; derde stadium, word hy die dier genoem.

368 Let op, Nikolaïeties, die antichristelike leerstelling wat in die dae van Paulus begin het, teen God se Woord, antichris.

369 Dan word hy, weer, die valse profeet genoem. Wat, toe die lering 'n man geword het, was hy 'n profeet vir die lering van die hiërargie, van die—die hiërargie van die Katolieke kerk. Die pous was die profeet van die valse woord, en dit het van hom 'n valse profeet gemaak.

370 Die derde stadium is 'n dier, 'n man wat gekroon word in die laaste dae, met elke mag wat heidense Rome ooit gehad het. Want, die sewe-koppige dier, draak, is uit die hemel gewerp, en het, beliggaam in die valse profeet, gekom. Daar is dit, hy het sewe krone gehad, en is uitgewerp en op die aarde en in die see gegooi. Goed.

371 Wat sê ons? Wie is hierdie ruiter, hierdie perderuiter? Weet julle wat dit is? Dis Satan se superman.

372 Ek het nou die aand gegaan, twee broers wat nou in hierdie kerk sit; Broer Norman, daaragter, en, ek dink, en Broer Fred. Ons was daar om 'n man te hoor leer oor die antichris. 'n Baie bekende man, een van die beste wat die Gemeentes van God het, en sy interpretasie van die antichris was, dat: "Hulle een of ander soort vitamien gaan vat, uit 'n—uit 'n man uit, en hierdie lewe uit 'n man uit gaan oorplaas in 'n groot beeld wat 'n stadsblok op 'n

slag gaan steek. . . tree. En dis. . . ” Kan jy jou voorstel ’n man wat gevul is met die Heilige Gees, onder so ’n illusie soos dit, of wat sê hy is?

373 Wanneer, hier is die Bybel, sê wie die antichris is. Dis nie ’n. . . Dis ’n man. Let op, hierdie ruiter is niks anders as Satan se superman nie, die vleesgeworde duiwel. Hy’s ’n geleerde genie. Nou, ek hoop julle het julle ore oop. Hulle het een van sy kinders op die proef gestel, nie lank gelede nie, op ’n televisie uitsending, om te sien of hy nie slimmer was as die volgende man nie, om vir President te staan. Sien? Maar, ewenwel, hy het ’n klomp wysheid; so het Satan ook. Hy probeer dit verkoop. Hy het dit aan Eva verkoop. Hy het dit aan ons verkoop. Ons wou ’n superman hê. Ons het dit gekry. Goed. Die hele wêreld wil ’n superman hê. Hulle gaan dit kry. Wag net tot die Kerk opgaan, en Satan uitgewerp word; hy sal vlees word. Dis reg. Hulle wil iemand hê wat regtig die taak kan verrig. Hy sal dit doen.

374 Geleerd! Hierdie is ’n. . . Satan se superman, met geleerdheid, met wysheid, met kerkteologie van sy eie woorde, van sy eie maaksel. En hy ry sy wit denominasionele perd, om die mense te mislei. En hy sal elke godsdiens van die wêreld oorwin, want hulle gaan almal in die konfederasie van—van die. . . van kerke, en die wêreldkonfederasie van kerke in. En hulle het alreeds hulle gebou opgerig, en alles net gereedgemaak. Daar is niks oor nie. Elke denominasie is reg daarin vas, die federasie van kerke. En wat sit daaragter? Rome. En die pous roep nou: “Ons is almal een. Laat ons saamkom en saamloop.”

375 En hierdie mense, selfs party van julle Volle Evangeliemense, verloën, moet julle evangeliese lering verloën, om so ’n stap soos dit te neem. Wat het julle gedoen? So blind, vir daardie denominasionele ding, julle het Waarheid verwerp. En Waarheid is voor hulle gestel, en hulle—hulle het Daarvan weggestap, en Dit verlaat. En nou is hulle “oorgegee aan ’n sterk dwaalleer, om ’n leuen te glo en daardeur verdoem te word.” Dis presies wat dit is.

376 En die antichris vat dit alles. En die Bybel het gesê, dat: “Hy het almal mislei,” a-l-m-a-l: “almal op die aarde, wie se name nie geskryf was onder daardie Seëls van die grondlegging van die wêreld af nie.” [Broer Branham klap sy hande een keer—Red.] Hum! Nou, as die Bybel gesê het hy het, dan het hy.

377 Hulle sê: “Wel, ek behoort. . . ” Daar het jy dit. Ja. Dis net presies. Dis dieselfde prostitute se instelling. Dis dieselfde stelsel wat aanvanklik begin het, wat deurgaans antichris is.

378 Ek sal daarvan hoor, maar dis. . . Dis die Waarheid. Ek verwag dit. Amen.

379 Nou, let op, hy sal oorwin. En het sommer nou dit byna in sy greep, terwyl hy nog antichris is, voor hy die dier word. Julle praat van wrede straf? Wag maar net. [Broer Branham klop vier

keer op die preekstoel—Red.] Kyk na wat hulle, wat hier op die aarde agterbly, sal moet deurmaak. Uh-huh. "Daar sal geween wees, en gekerm, en gekners van tande. Want die draak, Rome, het water by sy mond uitgespuit, om oorlog te maak met die oorblywendes van die vrou se saad, wat op die aarde agtergelaat was nadat die Bruid uitgesoek is en weggeneem is. En die draak het oorlog gevoer met die oorblywendes, wat nie wou inkom nie, en is doodgemaak."

380 En die ware Kerk sou daardeur gaan indien dit moontlik was; maar, julle sien, hulle het reeds onder hierdie Bloed ingekom, deur die genade van Christus, en kan nie deur enige Verdrukking gaan nie. Hulle het geen Verdrukkingsperiode nie. Die volgende ding van die Kerk, is Wegraping. Amen, en amen! Eer aan God. O, ek hou so baie hiervan!

381 Laat ek julle vertel. Ons vertel watter oorwinning hy gaan behaal, en hy gaan regtig oorwin. Hy het dit alreeds gedoen. Dis net alreeds afgehandel, dis al; gaan dit afhandel, met die geld, vuil gewin. Dis presies. Hulle is liewer vir geld as vir God. Al waaraan hulle nou dink, is: "Hoeveel geld het hy?" Wat is dit?

382 Julle weet, dis al baiekeer gesê: "Gee die geld vir die kerk, en sy sal die wêreld revolusioneer. Gee die geld vir die kerk, en sy sal evangeliste regoor die wêreld stuur. En wat sal sy doen? Sy sal die wêreld vir Christus verower."

383 Laat ek jou iets vertel, my arme, blinde vriend. Die wêreld word nie gewen deur geld nie, maar deur die Bloed van Jesus Christus. Gee vir God manne wat moedige manne is, wat daar sal staan by daardie Woord, lewe of sterwe; dit sal oorwin. Uh-huh. Daar sal net een ding wees wat kan oorwin, dié wat hulle name geskryf het in die Lam se Boek van die Lewe van die grondlegging van die wêreld af. Dis die enigste ding wat Dit sal hoor. Geld sal niks daarmee te doen hê nie; stuur hulle verder in hulle denominasionele tradisies in.

384 Laat ons sien. Ja, met opvoedkundige genialiteit, sal hy wees. Hy sal slim wees. Goeiste, goeiste, goeiste! En al sy kinders om hom, sal slim wees, Ph.D., LL.D., dubbel L.D., Q.S.D., A.B.C.D.E.F. en aan tot by Z. Hulle sal dit alles hê, slim. Waarom? Dis volgens die orde van Satan. Enige sluwe onderduimsheid teen die Bybel, is van Satan.

385 Dis presies waarmee hy Eva gevang het. Eva het gesê: "O, daar staan geskrywe, God het vir ons gesê om dit nie te doen nie."

386 Hy het gesê: "Maar, wag. God sal dit tog seker nie doen nie. Maar ek sal jou oë oopmaak en jou 'n bietjie wysheid gee." Sy het dit gekry.

387 Ons wou hom hê. Ons het dit ook gekry, hierdie nasie. Let op, hy sal die hele godsdienstige wêreld oorwin. Hy sal oorwin, 'n verbond sluit met Daniël se mense. Hier is dit, beide onder die Heidene en onder die Daniël se mense, die Jode vir die laaste

weke. En hier is ons, teken dit selfs uit op die borde. En julle sien dit, perfek, dit is waar dit is. Dank God. Daar is hy. Daardie organisatoriese stelsel is van die duiwel. En dit is ook sonder om enige doekies om te draai. Sien? Presies. Dis die wortel van die duiwel. Dis die . . .

388 Nou, nie mense nie, nie mense daarin nie. Hulle is God se mense, baie van hulle. Maar, weet julle wat, wanneer ons hier daarby kom, waar ons hierdie Basuine kry wat weerklink; en, die volgende keer wat ek kom, weerklink hierdie Basuine. Onthou, toe hulle, laaste engel se . . . Daardie derde Engel oorkom: "Kom uit haar uit, My volk!" Wanneer daardie Engel vlieg, is dit dieselfde tyd dat daardie Boodskap hier val vir die laaste Basuin, laaste engel se Boodskap, laaste Seël oopgemaak. Alles gebeur terselfdertyd. Ja, meneer. Alles hoop op en gaan oor in die Ewigheid.

389 Nou wat? Terselfdertyd dat hierdie kêrel aan die oorwin is . . . Dan sal ek afsluit. God gaan dan ook iets doen. Laat ons nie hier net vir Sátan al die krediet gee nie, sien. Laat ons geheel en al glad nie oor hom praat nie. Sien? Terwyl hierdie groot ding daarbuite aan die gang is, hierdie groot stelsel hierdie organisasies saamsnoer, in 'n unie, sodat hulle hulleself kan saamvoeg en teen kommunisme in opstand kom, en onbewus daarvan dat God kommunisme opgewek het om hulle te oorwin. Sekerlik.

390 Wat—wat—wat het kommunisme laat ontstaan in Rusland? Vanweë die onsuiwerheid van die Roomse kerk en die res daarvan. Hulle het al die geld gevat wat daar in Rusland was, en die mense van honger laat omkom, en vir hulle niks gegee nie, en in plaas daarvan, en net soos die res van die wêreld gelewe.

391 Ek was daaronder in Mexiko, nie lank gelede nie, en het daardie arme klein kindertjies gesien. Enige Katolieke land is nie eens selfonderhoudend nie. Daar is nie een van hulle nie. Vra my waar. Wys my waar hulle is. Enige Katoliek-beheerde land kan nie eers hulleself onderhou nie. Frankryk, Italië, en hulle almal, Mexiko, waar jy ook al gaan, hulle is nie selfonderhoudend nie. Waarom? Die kerk het alles gevat wat hulle gehad het. Dis waarom Rusland dit uitgeskop het. Kyk wat het gebeur.

392 Ek weet dit, self. Ek het daaronder gestaan. En jy sou dink die goue jubileum is aan die gang, jy die klokke hoor lui. En hier 'n arme vroutjie, wat in die straat afkom, haar voete sleep. En 'n vader wat 'n baba dra; en twee of drie van hulle, wat huil. Sy het boete gedoen vir een of ander dooie vrou daarbo. Het haar . . . Gedink sy sou in die Hemel kom, daardeur. O, wat 'n treurige ding!

393 Toe sien ek, wat daaronder staan, hier kom . . . Hulle ekonomie is so swak gebalanseer! Die kerk vat alles wat hulle het. Hier, 'n klein Pancho, miskien—miskien beteken Pancho

Frank. Hy kom daar aan, en hy's 'n messelaar, en hy maak—hy maak twintig pesos per week. Maar dit sal die hele twintig pesos neem, om vir homself 'n paar skoene te koop. Dis hulle ekonomie. Maar nou, hier, wat dan as—as hy, as 'n messelaar en 'n baksteenlêer, en maak twintig pesos 'n week, byvoorbeeld. Ek weet nie wat hy maak nie, maar veronderstel daardie soort van 'n ekonomiese wyse wat dit gebalanseer is. Let nou op, as hy twintig pesos 'n week maak.

394 Hier kom Chico, sien, wat "kleintjie" beteken, en hy werk daarbuite vir omtrent vyf pesos per week. En hy het tien kinders om te voed, maar daar sal iemand wees wat aan sy deur klop, [Broer Branham klop verskeie kere op die preekstoel—Red.] om omtrent vyf van daardie pesos te vat, of vier van hulle, in elk geval, om te betaal vir 'n stuk vetkers om op 'n miljoen-dollar, goue altaar te brand vir sy sonde. Daar het jy dit. Dis die balans van die ekonomie. Dis hoe die lande is.

395 Die ding vat dit alles. Die kerk vat dit alles. Sy het dit net in haar hande. Dis al. En sy, met die geld van die Jode, in daardie verbond, soos die Bybel gesê het, hulle sal die hele ding vat.

396 En dan word hy 'n dier. Hy breek sy verbond, en hy verslind. Hy ruk die res van daardie vrou se saad uit, net so. En spuit water by sy mond uit; maak oorlog. En daar sal geween wees, en gekerm, en gekners van tande.

397 En die Bruid trou, in Heerlikheid, sien, terselfdertyd. Moet dit nie mis nie, vriend. God help my! Ek—ek wil daar wees. Ek gee nie om wat dit kos nie. Ek—ek wil daar wees.

398 Nou, let op, terselfdertyd as wat hierdie aan die gang is, of liewer, net voor dit plaasvind op die aarde, het God belowe . . . Tydens al daardie gekibbel van denominasies, wat argumenteer oor hulle verskille in hulle belydenisse, het God belowe dat Hy vir ons 'n ware profeet van die ware Woord sou stuur, met 'n Boodskap; om terug te keer na die oorspronklike Woord van God, en "die Geloof van die vaders," om die Krag van die Heilige Gees onder die mense te laat neerkom, met 'n krag wat haar bo hierdie dinge sal verhef en haar inbring, terselfdertyd. Ja. Dieselfde Woord wat bevestig word, van Jesus Christus, dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd! "Kyk, Ek is altyd met julle, selfs tot aan die voleinding. En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Ek sal reg by julle wees. 'n Klein tydjie, en hulle sal My nie meer sien nie," want hulle sal hulleself organiseer en versprei. "Maar julle sal My sien, want Ek sal met julle wees. Ek sal selfs in julle wees, tot aan die voleinding." Wanneer, Hy gesê het, Sy verontwaardiging uitgegiet sal word, na die voleinding. Daar het jy dit. O God!

399 Wie is daardie ruiter op die wit perd? Julle is nie blind nie. Julle sien wie dit is. Dis daardie antichris, en daardie misleidende gees wat nou aan die gang is en ingekruip het. Gemaak . . . En,

dan, sien, hou God net aan om dit te herhaal. Hy wys dit as 'n man wat uitgaan met 'n wit perd, en met sy boog en geen pyl nie. Hy is 'n bluf. Hy het geen mag nie. Sê: "Die mag van die kerk!" Waarby is dit? Wat doen hulle? Hulle sê: "Ons is die oorspronklike kerk." Die oorspronklike kerk het duiwels uitgedryf, die siekes genees, en die dooies opgewek, het visioene gesien, en wat nog alles. Waar is dit nou? Sien? Dis 'n bluf, boog met geen pyl nie. Huh! Dis reg.

400 Maar, julle sien, toe Christus gekom het, het 'n Swaard van Sy mond af uitgegaan, soos 'n weerligstraal. Dit het uitgegaan en Sy vyande verteer, en die duiwel weggewerp. Dit het alles anders weggesny. En Hy het gekom, Sy kleed in bloed gedoop, en op Sy heup was geskrywe: "Die Woord van God." Amen. Hier kom Hy, saam met Sy leër, wat kom vanuit die Hemel.

401 Daardie ruiter op die wit perd was die hele tyd in die land. Hy sal van antichris verander. Hy doen dit, en word 'n valse profeet. Sien, hy begin eers, 'n antichris, die gees; dan word hy 'n valse profeet; dan, later, wanneer die duiwel uitgewerp is, dan word hy beliggaam deur die duiwel. Drie stadia! Die eerste, is hy 'n duiwel, om mee te begin, 'n gees van die duiwel; dan word hy 'n valse profeet, leraar van 'n valse leerstelling; die volgende ding, word hy die einste duiwel self, in vlees. Sien? Daar is hy.

402 En terselfdertyd dat hierdie duiwel uit die Hemel val en vlees word in 'n man, gaan die Heilige Gees op en daal neer in vleeslike mense. Amen. O, goeiste! Wat 'n tyd!

Môre-aand, as God wil, die Tweede Seël.

403 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen." Broer Branham wag 'n oomblik—Red.] Nou, glo julle Dit? ["Amen."]

404 Ek het pas die band afgeskakel. Nou, ek gaan Daarvan hoor. Julle weet dit, sien. Maar ek verwag dit.

405 Laat ek vir jou iets sê, broer. Ek weet nou eers, vir eens in my lewe, waarom daardie Gees my altyd teen hulle, daardie organisasie, gewaarsku het. Ek is dankbaar teenoor die Here God dat hierdie dinge vir my gewys is. Ek weet dat Dit die Waarheid is. Daar is dit, net daar geopenbaar. Hier ry hy regdeur die eeu, en kom hier na vore en vertoon homself net hier, net so perfek soos hy kan. Sien, dis hy. Nou word ons nie daarin mislei nie. Nou is julle oë oopgemaak. Bly weg van daardie soort goed. En julle moet die Here liefhê met julle hele hart, en bly reg by Hom. Ja, meneer. Kom uit Babilon uit!

406 [Leë kol op band—Red.] Drie dinge: bewys deur die Woord, gewys met 'n foto, gemanifesteer deur die werke van die Gees, wat bevestig dat Dit die Woord is.

407 Laat die Woord oor hierdie sakdoeke kom, Here. Genees die siekes. Genees elke siek persoon wat teenwoordig is, Here, en diegene daarbuite wat inskryf en inbel.

408 Vader, op hierdie uur, is daar nog 'n genesing wat net nou gedoen behoort te word, en ons gaan voort na genesingsdiens. Maar, Here, dis daardie siel, ons wil dit net in orde hê, Here. En hierdie dinge moet kom.

409 Ons bid, God, dat U hierdie woorde nou sal neem, wat gesê is, en hulle werklik sal maak aan die mense. Laat hulle Dit sien, Here. Is gedruk vir tyd, en, U weet, Vader, so ek bid dat genoeg gesê is dat die Heilige Gees Dit sal vat en Dit sal openbaar in harte. Diegene wat die Skrifte neerskryf, mag hulle Hulle bestudeer. Diegene wat bande maak, of—of—of die bande hoor, mag hulle Dit bestudeer; nou nie hulle eie interpretasie Daaraan koppel nie, maar net die Woord bestudeer. Skenk dit, Vader. In Jesus' Naam, vertrou ek dit alles toe aan U, en tot verheerliking van U. Amen.

410 ['n Broer profeteer. Gemeente juig—Red.] Amen. O, dank U! [Gemeente hou aan met juig.] O!

411 As daar iemand hier is wat Hom nie ken, in vergifnis nie, doen dit nou. Hoor daardie reguit, sterk teregwysing. As julle ooit verwag om naby te kom, doen dit nou, vir dae hierna.

412 Wat as dit die breek van daardie Seël was? Wat as dit die Engel was wat uitgestuur is daar, wat my (amper) van die grond af geruk het, nou die dag, toe ek daaragter gestaan het, toe drie getuies daar naby gestaan het. Wat ek vir julle gesê het voor ek gegaan het: "Daar sou ontploffing wees wat my amper sou laat opgaan." En ek is weggeraap deur sewe Engele, en het ooswaarts gekom. Die ding het my amper van die grond af geskud.

413 Is dit reg, Broer Norman, Broer Fred Sothmann, wat by my gestaan het toe dit gebeur het, bokant Tucson? En die—die . . . Daar gesit, en die klitsgrasse van my klere afgetrek, presies wat die visioen gesê het. En dit was suid van . . . in die rigting van Tucson. As dit reg is, steek op jou hand, Broer Fred, Broer Norman. Daar is hulle. Staan op julle voete, sodat die mense kan sien dat julle daar was, 'n getuie. Ek het nog nooit enige so-iets in my lewe gehoor nie.

414 En, dadelik, het hulle nie gejag, vir die res van die dag nie. Ek het Fred vir gesmeek, die volgende oggend. Hy weet dit nie. Ek het hom gesmeek om uit te gaan om te jag, aanhou sê: "Doen dit. Doen dit."

415 Maar Hy het gesê, Hy het vir my daaragter gesê: "Hy sal dit nie doen nie. Jy gaan, nou dadelik, Ooswaarts."

416 En daardie sewe Engele! Die eerste ontploffing, het sy oopgemaak. Ja. Wat as dit is? Ons is by die laaste uur. Sien?

Ek het lief,

Kom ons aanbid Hom.

Ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het

Kom ons staan.

En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

417 Laat ons ons harte nou reinig, broers, soos ons ons hoofde buig. My susters, ek het vreeslik met julle gepraat, maar ek het dit gedoen in goddelike liefde. Ek het dit gedoen omdat ek julle liefhet; oor lang hare dra, en aantrek en reg optree. Ek het dit gedoen as gevolg van goddelike liefde. Laat ons nou ons gewete reinig deur—deur die Clorox van God.

418 In die oggend, mag te laat wees. Hy mag uitstap. Hierdie dinge wat uitkom soos hierdie, broers, mag die einde van die bemiddelaarsamp wees. Het julle al ooit daaraan gedink? Wel, ek weet nie dat dit is nie. Ek sê nie dit is nie. Maar wat as dit is? Wat ás dit is? Wat daarvan? Daar's geen verlossing meer nie; dis verby, teen daardie tyd. Ek hoop dit is nie, maar daar's 'n moontlikheid dat dit is.

Ek het Hom lief, ek . . .

Reinig ons, Here. [Leë kol op band—Red.]

. . . het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

419 Geseënd sy die Naam van die Here! Glorie aan God! Ek hou van daardie soet gevoel. Voel julle Dit nie? Net die Heilige Gees wat, soort van, oor jou baai, Daarmee saamstap. O, hoe wonderlik! O, dink aan Sy genade!

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

420 Moet Dit nie vergeet nie, vriend. Moet Dit nie vergeet nie. Neem Dit saam met jou huis toe. Bly Daarby. Hou Dit op jou kussing. Moet Dit nie vergeet nie. Bly Daarby. God seën julle nou.

Broer Neville, julle pastoor.

Die Eerste Seël AFR63-0318

(The First Seal)

Die Openbaring Van Die Sewe Seëls reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Maandagaand, 18 Maart 1963, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org